

# BULL


September 2003 Jaargang 51, nr. 3

UV KRY  
TAALBELEID

Kampus opgetooi vir  
**EEUFEES**



Nuustydskrif van die Universiteit van die Vrystaat  
News magazine of the University of the Free State



*Isibodiya for Yvonne*. Bone chine, beads and bone, 450 x 300 mm

## ARMSTRONG, Juliet

The isibodiya is a pregnancy apron made of animal-skin and decorated appropriately, to be worn to avert evil spirits. In the Zulu tradition it is made of a dassie hunted by the husband and presented to the mother-to-be.

Juliet Armstrong interpreted this piece of attire in a ceramic medium and sculptural style. It is a very fragile type of veil, executed in bone china. It is an object that, like a mask, covers up as well as expresses symbolic meanings. The Western "translation" of a Zulu image/symbol and ethnic or culture specific custom challenges the artist as well as the viewer. It is mainly a celebration of fertility and femininity – assertion of the role of the woman and of the female artist.

In choice of subject matter, in the style and techniques of execution, in the appropriation of a culture specific expression and its transcendence to universal values, this work encompasses much more than is seen at first glance.

In the main this isibodiya focusses on pregnancy as a celebra-

tion of life, of womanhood, of heritage... But it has been appropriated to the memory of the mother, the giver of (one's own) life ("Yvonne" being/referring to the artist's mother), and the confirmation of one's own life/existence. As such it becomes symbolic evidence or proof of (the quality of) one's own life – being guarded from evil spirits and/or bad influences... Stripped from its conventional colour – this work is a study in white (in Western context used to symbolise virginity or purity) – it invites scrutiny and an extrication of meanings from the details, the textures, the fragility, the illusions (like the pegs apparently fixing the work to the wall).

Juliet Armstrong is an associate professor at the Centre for Visual Art, University of Natal (Pietermaritzburg). She is an accomplished ceramist and has participated in many national and international exhibitions. Her work is represented in private and corporative collections locally and overseas.

– Arie Kuijers, Curator of the Sasol Art Gallery.

**Redakteur/Editor****Leatitia Pienaar**

Tel: (051) 401-9188

Faks/Fax: (051) 430-8397

pienaara.stg@mail.uovs.ac.za

**UV-webwerf/UFS website**[www.uovs.ac.za](http://www.uovs.ac.za)**Produksie****New Media Publishing, Kaapstad****Besturende redakteur:**

Lisa van Aswegen

**Uitleg:** Odette Marais**Uitvoerende direkteurs:**

John Psillos, Irna van Zyl,

Naomi Herselman

**Besturende direkteur:**

Bridget McCarney

Posbus 440, Groenpunt, 8051

Tel.: (021) 417-1111

Faks: (021) 417-1112

Webwerf: [www.newmediapub.co.za](http://www.newmediapub.co.za)**Reproduksie****Mega Digital****Drukwerk****Paarl Web**

Bult, nuustydskrif van die Universiteit van die Vrystaat, word uitgegee deur die Afdeling: Strategiese Kommunikasie aan die UV. Menings wat in die publikasie ge lug word, weerspieël nie nooddwendig die van die Redakteur, die Afdeling of die UV nie. *Bult* word onder oudstudente, personeellede, donateurs, sake- en regeringsleiers en Kovsie-vriende versprei. Die inhoud van *Bult* mag met die nodige erkenning elders gebruik word. Rig navrae hieroor aan die Redakteur.

**Adresveranderinge****Stuur besonderhede aan:****Dawid Kriel****Posbus 2319, Bloemfontein 9300****Tel. (051) 401-3409****Faks (051) 430-8370****dawid.stg@mail.uovs.ac.za**

# BULT

## inhoud

September 2003 Jaargang 51 nr. 3

**Nuus/News**

- 6** Taalbeleid goedkeur
- 8** Kunstfees kry aandag
- 10** Afrikaanse lesing in Japan
- 12** Verpleegskool voor in tegnologie
- 14** Eeu feesvere word reggeskud
- 17** Research gives UFS the edge
- 18** GMO testing facility
- 19** Só onthou ons

**Stigting/Foundation**

- 28** Sasol donates R500 000
- 30** Transnet support science project

**Monitor**

- 22** Finansies klopdisselfboom
- 24** Farewell to Motshologane
- 25** Graduation milestone for Qwaqwa campus
- 26** Navorsing in nuwe wentelbaan

**Alumni**

- 32** Londen-reünie reusesukses
- 34** Gholfdae
- 36** Alumni-naweek
- 38** Voordele

**Rubriek/Columns**

- 2** Briefe en soekhoekie
- 31** In memoriam
- 40** Blou Willem

**Voorbladfoto**

Mnr. Jan Ras, Feesorganiseerder, en mev. Suzan Mshumpela, Hoof: Programbemarking en Fondswerving by UV Bemarking, by die reusestrik wat by die UV se hoofingang aangebring is om mense bewus te maak van die jaarlange eeu fees wat aanstaande jaar gehou word. (Foto: Stephen Collett)

## GROETE VAN DIE REDAKTEUR



Lente is in die lug – nie net hier in die Vrystaat waar almal hoop op 'n mooi jaar met genoeg reën nie – maar ook op die kampus waar die steiers om die nuwe Studentesentrum verdwyn het en mense al 'n glimspie van volgende jaar se eeufeesvieringeervaar.

Die winkeltjies in die Studentesentrum laat studente en personeel twee keer dink voordat hulle inry stad toe. Dit is lekker om 'n vergadering of afspraak sommer oor 'n kopkie koffie in een van die kuierplekke daar te gaan hou. Jy kan hare laat sny, klere koop, 'n rekenaar aanskaf, banksake doen...

In hierdie uitgawe merk ons dat alumni hulle begin regskud vir die fees aanstaande jaar. Hulle kontak ons met hulle herinneringe en wil meer weet van die program. Hou gerus *Bult* in die volgende jaar of wat dop. Ons gaan deurlopend praat oor die fees en mense sal vroegtydig hoor van aktiwiteite wat beplan word.

Belangrike nuus die afgelopen tyd was die taalbeleid wat deur die UV aanvaar is, en waardeur Afrikaans en Engels as akademiese en administratiewe taal op die kampus gekonstitueer is. Lees meer hieroor op bl. 6.

*heatin' n Pienas*

### Waar is die Vishuismanne? Alwyn Grib van Sedgefield skryf:

Ek het pas die jongste *Bult* in die posbus gekry en met genot deurgelees.

Daar word so baie oor motors gepraat dat ek besluit het om van my te laat hoor. In die jare 1951 tot 1953 was daar net twee motors in Vishuis. Dit was 'n 19iets Whippet en ou Pop Wilken se splinternuwe Austin A40. Laasgenoemde het 'n lang tyd op Vishuis se stoep gestaan, waarna die manne dit een nag gesparkeer het. Daarna het Albie Mathews vir hom 'n motorfiets op Pellies Market gekoop. Die res was 'n paar fietse en dapper en stapper.

Ek raak nou oud en my geheue laat my maar baie in die steek, maar ek sal baie graag wil hoor van oud-B.Com.-studente asook Vishuismanne hier in my omgewing. Daar was net drie dames wat in my tyd B.Com. geswot het.

Op Sedgefield is net ek en Ursella Viljoen (nou Van Zyl) en ou Bees de Jongh kom hou gereeld hier vakansie.

Kontak hom by  
l.boshoff@freemail.absa.co.za

### Bult bring genot in Skotland Pierette Melville (née Pienaar) van Perthshire, Skotland skryf:

Dis altyd wonderlik vir my om in Skotland *Bult* te lees en bekende name en plekke weer te herleef. Baie dankie vir 'n uitstekende blad en ek stem saam met Mej. H. Smit (April-uitgawe) 'n kaart van die kampus sal uitstekend wees.

Kontak haar by pierette@lineone.net

**Redakteur:** Ons gaan 'n kaart plaas sodra die Groot Trek op die kampus agter die rug is. Van die afdelings skuijal hierdie jaar na nuwe geboue en aanstaande jaar word dit voortgesit met die hoofbestuur wat uiteindelik weer in die pragtige Hoofgebou (voorheen die "ou hoofgebou") gaan nesskop.

### Dankie vir 'n puik akademiese instelling

Johann Barker van Mopanieweg 39, Beaconbaai, Oos-Londen skryf:

Baie Dankie vir 'n puik *Bult*-uitgawe. Dis die enigste werklike kontak wat ons oudstudente met die Varsity het.

Ek wil by Tobie van den Bergh (April-uitgawe) se brief aansluit waar hy die Rektor en sy span bedank vir goeie reëlings tydens die eerste verwelkomingsdag vir eerstejaars. Ek is ook 'n ouer van 'n eerstejaar na dertig jaar by Kovsies. 'n Ouer kan sy kind met 'n geruste hart daar agterlaat en die vertroue hê dat hy in goeie hande is.

By die koshuis is ons net so gasvry ontvang.

Waar in ons dae sou ons 'n yskoue bier of iets anders uit die Senior Bond ontvang het? Ek het so met heimwee terugverlang na my studentedae in Huis Kiepersol in die jare 1975-1978.

Nou mag eerstejaars ook motors op kampus aanhou. In ons dae moes ons motors buite die kampus parkeer en huis daar waar 'n nuwe kompleks oorkant die hoofhek gebou is. Ons het selfs ook in daardie tye 'n karwag aangestel om die motors op te pas, want onthou, dit was in die vlakte!

Ons in Oos-Londen het verlede jaar ook 'n heerlike reünie gehad – iets wat ons nie weer sal wil mis nie. Dit is heerlik om nou regstreekse bande met ons alma mater te hê. Graag wil ek ook langs hierdie weg vir veral Mnr. Johan Otto baie bedank vir al sy positiviteit as 'n uitstekende skakelbeampte wat altyd bereid is om daardie ekstra myl saam met ouers en studente te stap. Ook aan Verwoerd se "pa", Mnr. Brand Claassen, wat 'n wakende ogie oor ons kinders moet hou!

Baie seënwense word ook aan die UV oorgedra vir sy 100ste herdenking. Mag die Vader die UV ryklik seën sodat so 'n instelling ook vir ons kleinkinders beskore sal wees.

## Verstaan ek dit verkeerd?

**Barry de Wet van Zastraat 139,  
Bloemfontein, skryf:**

Die artikel getiteld *Op die spoor van 'n groot gees* in die April-uitgawe van *Bult* het my belangstelling geprinkel aangesien my oupa Serfontein ook aan die "University of the Cape of Good Hope" in 1893 'n kwalifikasie behaal het.

In die artikel deur Dawid Kriel verwys hy daarna dat Ds. Grosskopf in 1905 aan die universiteit 'n B.A.-graad behaal het. Die graadsertifikaat wat egter afgebeeld is, is een van die "University of the Cape of Good Hope".

Verstaan ek die berig moontlik verkeerd?

**Prof. Pieter Coetzer**, mede-outeur van die boek oor die UV se geskiedenis, het vir ons die kloutjie by die oor gebring: *Die UV was in sy beginjare by die University of the Cape of Good Hope (later die Universiteit van Suid-Afrika) geaffilieer. Op 18 Maart 1950 het die UV die sprong na 'n onafhanklike universiteit geneem.*

## Namibiërs wil reünie hou

**Danie Strydom, Hoofdirekteur:  
Uitvoerende Kunste, Universiteit  
Namibië, skryf**

Ek is 'n oud-Kovsie wat vreeslik graag in aanraking wil kom met van my ou klasmaats uit die jare sewentig. Ons is 'n aantal ouddramastudente hier wat graag 'n reünie wil reël.

## Pure kwaliteit

**Susan Maré skryf uit Bethlehem**

Ek het vandag *Bult* gekry – oud-Kovsie, Huis Koos, B.Mus. ensovoorts, (1969-1972). *Bult* is vir die eerste keer waarvan ek weet fyn aferond en ek weet natuurlik hoekom en wie agter hom is. Hy lyk sommer baie goed en pure kwaliteit!

## Ek stem saam

**Hennie Pienaar, Mauritiusringel 44,  
Stellenberg, Bellville, skryf:**

Ek wil graag reageer op Rudie van Rensburg van Welgemoed se brief (*Bult*, Junie 2003) waarin hy noem dat hy nie meer 'n positiewe gevoel het wanneer hy sy *Bult* in die posbus gewaar nie. Ongelukkig wil ek met hom saamstem. En om dalk ook te antwoord op jou vraag dat hy nie gesê het wat hy graag wil lees nie, die volgende:

Ek wil graag meer lees van die wel en wee van oudstudente, nuus oor hulle, nuus van die "dae-toe-ek-nogdaar-was" tipe van ding. Iets om jouself as oudstudent mee te assosieer. Hoewel oudstudente wel sal wil weet watter projekte, ens. dans op die kampus aan die gang is, is ek van mening dat 'n goeie balans tussen die toe-en nou gehandhaaf behoort te word. Die jongste *Bult* het byvoorbeeld net twee insetsels oor oudstudente in.

Dan is dit asof die nuwe soort papier die *Bult* nie meer 'n "glansblad" maak nie, maar dit is seker maar om kostes te spaar?

Alles is egter nie verkeerd nie. Ek hou baie van die nuwe *Soekhoekie*, want self soek ek dikwels na oud-studentevriende. Dankie daarvoor. Dus, wat van meer foto's van reünies wat gehou was, of nuus oor komende reünies, asseblief. Dankie in elk geval vir Blou Willem se kostelike bydraes.

**Redakteur:** *Hennie, dankie vir die bydrae. Jy sal merk daar is aansienlik baie oor die "ou dae" in *Bult*, maar soos reeds in die vorige uitgawe aangedui: *Bult* is nie net 'n tydskrif vir oudstudente nie, maar die amptelike nuusblad van die UV. Daarom sal 'n balans gehandhaaf word tussen nuuswaardighede.*

**Oor die papier:** *Die dowlwe papier wat nou gebruik word, is nie goedkoper nie. Soos met die uitleg, hou ons in hierdie opsigt ook tred met die jongste neigings!*



## Hier sit die manne by Hellberry

**André de Wet van Posbus 525,  
Wildernis 6560 skryf:**

Dit was, soos elke keer, met groot genot dat ek Blou Willem se stories oor vergange se dae in die uitgawe van April 2003 kon ervaar.

Dit het my 55 jaar teruggeneem na 1948 toe ek in my finale jaar was vir my B.Sc.-graad.

Ons was in 1947 die eerste inwoners van Pres. Reitz-kamerwonings. In 1948 het vier van ons makkers die trots gesamentlike eienaars geword van die derde motor op die hele kampus. Ons het dit vir minder as £30 (R60) aangeskaf.

Ek sluit hierby in 'n kiekie van Hellberry. Aan die stuur sit Church van Niekerk. As ek reg onthou, sit Gustav Fichardt langs hom en agterop Jolly Ingram en Gustav Keyser.

As enige van hulle nog lewe en gesond is, sal ek bitter graag van hulle wil hoor.

Bel hom by (044) 877-1251.

## Ons voel uitgesluit

Johan Botha van Premier Place No 5, Premierlaan 170, Waterkloof 0810, Pretoria, skryf:

Ek was vanaf 1940 tot 1941 (oorlogsjare!) 'n student aan die Normaalkollege (voltyds en inwoner van Gordon Fraser-huis) en het ook na-uurse klasse aan die destydse UKOVS – later UV – gevolg.

In 1953 het ek 'n permanente onderwyspos gekry aan Grey Kollege en het meer na-uurse klasse op die Bult bygewoon. Ek het my B.A.-graad in 1954 behaal en in 1954 'n honneursgraad in Wysbegeerte. My hoofvakke was Afrikaans, Staatsleer en Wysbegeerte en ek het die grootste respek vir my dosente gehad, onder andere Prof. E.A. Venter, Herman Strauss, Benedictus Kok, Gerhard Beukes en D.F. Malherbe.

Ek kry al die jare nog *Bult*, wat ek baie op prys stel. Ek neem ook met groot verwagting kennis van die eeufeespublikasie waaraan tans gewerk word.

Die saak wat ek al lankal op die hart het, is die persepsié dat die enigste studente wat tel, die voltydse studente en spesifiek koshuisstudente is.

Ek het nog nooit enigets gelees omtrent die na-uurse studente nie. Dit is nou daardie groep jong mense wat bedags gewerk het, saans van vyfuur tot tienuur klasse bygewoon het, laat by die huis gekom het, aandete genutig het, en as jy in die onderwys was, soos ek, ook nog voorbereiding gedoen het vir die volgende dag.

Ons het mekaar in die klasse leer ken, in die biblioteek raakgeloop en werk bespreek. My twee groot maats was Tim Slabbert en Jannie Steyn.

Die klasse wat ek bygewoon het, was vol. Met ander woorde: Daar was groot getalle jong manne en vroue wat op hierdie manier aan hulle kwalifikasies gekom het.

Daar was nooit droogmakers tussen ons nie en nooit 'n druiiping nie!

Ek is dankbaar teenoor die universiteit vir die na-uurse fasilitate wat aan ons gebied was, maar dink dat daar missienie genoeg waardering betoon is vir hierdie kategorie studente nie. Wanneer van studentelewe en -aktiwiteite gepraat word, óf geskryf word, voel ons uitgesluit.

Intussen is ons net so volbloed Kovskyes en trots op ons alma mater.

**Redakteur:** Vir die UV is ál sy studente belangrik. Ek het Johan gevra om van die staaltjies uit sy tyd met ons te deel. Meer hieroor in die volgende uitgawe.

## Soekhoekie

**Is jy op soek na oudstudentevriende, maar weet nie waar om te begin nie? Die Universiteit en *Bult* kan jou help om hulle op te spoor.**

Met die oog op ons Eeufeesjaar in 2004 wil ons graag soveel moontlik oud-Kovskyes opspoor wat tans nie op ons databasis is nie. Op 1 Julie het ons bekende adresse vir 21 077 oud-Kovskyes gehad, terwyl 'n verdere 10 233 oud-Kovskyes se adresse onbekend was.

Daar is egter letterlik duisende ander oud-Kovskyes wat nog nooit *Bult* ontvang het en dus nie op ons databasis geregistreer is nie. Indien julle weet van enige familie/vriende/kollegas wat oud-Kovskyes is en nie *Bult* ontvang nie, vra hulle asseblief om vir Dawid Kriel te kontak op een van die volgende maniere:

**Posadres:** Posbus 2319, Bloemfontein, 9300.

**E-pos:** Dawid@stig.uovs.ac.za of

Dawid.stg@mail.uovs.ac.za of  
alumni@mail.uovs.ac.za

**Telefoonnummer:** (051) 401-3409

**Faksnommer:** (051) 430-8370

**Webadres:**

[www.uovs.ac.za/prb/alumni/adres/alumnivorm.asp](http://www.uovs.ac.za/prb/alumni/adres/alumnivorm.asp)

Onthou, *Bult* verskyn vier keer per jaar en word gratis aan alle oud-Kovskyes gestuur. Ons stuur *Bult* ook na oud-Kovskyes in die buiteland (tans 804 oud-Kovskyes in 30 lande). Buiten *Bult* self (reeds 'n uitstekende voordeel), hou registrasie op die databasis ook die volgende addisionele voordele in:

- Jy sal gekontak word vir reünies wat in jou omgewing gehou word;
- Uitnodigings ontvang na gholfdae in sekere sentra (tans vier gholfdae per jaar in Bloemfontein, Bellville, Pretoria, Welkom);
- Geleenheid om ou studentevriende op te spoer deur middel van *Soekhoekie*;
- Geleenheid om in takverband saam te kuier. Hier is ons besig met 'n aktiewe poging om weer ons alumnitakke te laat herleef. Kontak vir Jeannette Jansen by (051) 401-3744 vir inligting oor 'n tak in jou omgewing. Lees ook die bydrae op bladsy 35.

Kontak ons en bly op hoogte van gebeure in Kovsland!



## Waar is G. Pretorius?

Hennie Pienaar is op soek na **Gerhard (G.P.) Pretorius** wat in die laat tagtigerjare by die SAUK TV Nuus in Bloemfontein gewerk het. Hy was ook by die Provinciale Regering in Kimberley werkzaam. Hennie kan gekontak word by (021) 947-2583 of 082-499-4159.

## Help tog vir Louis

Louis du Preez is op soek na die volgende oud-Kovsies:

- **Koos (Kadallas) Coetzee**, wat B.Sc. Agric. geswot het en in 1968 eerstejaar was.
- **Giep Oberholzer en sy broer Spook Oberholzer**. Giep was in 1968 eerstejaar en Spook in 1970. Albei het B.Com. geswot. Kontak Louis by 082-448-7951.

## Saartjie, waar is jy?

Henriëtte Fowler soek na **Saartjie van den Berg**, nooiensvan Jooste, wat in Pres Steyn gewoon het en van 1961 tot 1963 B.Soc.C. geswot het. Die laaste adres wat sy het, is Posbus 14, Bethlehem. Kontak Henriëtte by (049) 892-5932.

## Marda het ook hulp nodig

Marda Horn is op soek na **Martin van Zyl** wat van 1982 tot 1985 in huis J.B.M. Hertzog gebly het. Hy het Argitektuur geswot en sy ouers was van Philippolis. Marda sê "Dalk onthou iemand my nog: Ek was Mej. Soetdoring in 1983 en Joolprinses in 1984. Was ook solosangeres en -danseres in die Shimvaria-groep. Het B.A.(Ed.) geswot en graad gevang in Maart 1986. Het daarna tweede gekom in die SA Debuut TV-program naas Innes en Franna!"

Oud-Kovsies wat haar kan help, kan haar kontak by Posbus 1730, Randburg 2125, (011) 789-4356 of 083-627-5142.

# Adres-veranderinge

**O**ud-Kovsies wat hul adresveranderings vir Dawid Kriel deurstuur, word versoek om asseblief so veel inligting moontlik te verskaf.


Dit is ener syds om identifikasie van oud-Kovsies te vergemaklik en andersins om soveel moontlik kontakbesonderhede op die universiteit se databasis te laai.

"Verskaf asseblief deurgaans volle voorletters en van, nooiensvan waar van toepassing en enige ander inligting soos identiteitsnommer, oud-studentenommer, vorige adres, graad behaal, ens. Ons huidige databasis maak voorsiening vir 'n kontakadres, telefoonnummers, e-posadres, selfoonnummers en tweede of verwysingsadres.

"Ons kry ook gereeld navrae van oud-Kovsies oor adresveranderinge wat deurstuur is, maar dan word *Bult* steeds na die ou adres gestuur. Die *Bult*-adreslyste word ongeveer twee weke voor publikasie gedruk en na die drukkers gestuur. Nadat *Bult* gedruk is, neem dit nog ongeveer twee weke voor die publikasie almal landwyd bereik.

"So kan dit dus gebeur dat die adreslyste vir 'n uitgawe van *Bult* op 31 Mei getrek word, 'n adresverandering op 1 Junie gemaak word en *Bult* dan op 30 Junie steeds by die verkeerde adres afgelewer word."

- Kry Dawid se besonderhede op bl. 4.



# Veeltaligheid

## nou ingebed by die UV

**"Die beleid maak voorsiening vir studente en personeel se diverse kultuur- en taalagtergronde en berei hulle voor vir diversiteit in die werkplek."**

**D**ie taalbeleid wat pas deur die Raad goedgekeur is, konstitueer die Universiteit van die Vrystaat as 'n veeltalige universiteit.

Klasse word reeds die afgelope tien jaar in Afrikaans en Engels aangebied, maar veeltaligheid word nou deel van die UV se grondlegging en die klem het daarmee verskuif, sê Prof. Frederick Fourie, Rektor.

Deur die taalbeleid gee die UV ook in 'n gebalanseerde konteks 'n volwaardige plek aan Afrikaans en Engels in 'n gelykberegtingbedeling. Nie een van die twee tale word uitgesluit of in 'n dominante posisie geplaas nie. Gebruik van die Afrikaans en Engels, en in sekere gevalle ook Sesotho, sal nie ten koste van mekaar geskied nie, sê hy. Dit is ook 'n waarborg dat nie een van die twee hooftale belangriker as die ander is en die gevaar staan om uitgefaseer te word nie.

Die taalbeleid wil verseker dat die UV 'n plek is waar studente én adademici én steundienspersoneel in hul werksomgewing tuis kan voel. Prof. Fourie sê die UV wil met die implementering van die beleid 'n etos van kulturele verdraagsaamheid ontwikkel, as deel van die breër bestuur van diversiteit.

Die taalbeleid bevestig ook die UV se erns om Afrikaans as wetenskapstaal te vestig en uit te bou.

Alle klasse sal steeds in Afrikaans en Engels aangebied word. "Dié beleid bevestig weer dat Afrikaans nie as onderrigtaal aan die

UV sal verdwyn nie. Afrikaans sal as 'n akademiese en wetenskapstaal ontwikkel word en die beleid ondersteun die ontwikkeling van Sesotho as 'n hoëonderwystaal," sê hy.

Die nuwe beleid is 'n wen-wen-situasie vir almal omdat Engels as nog 'n hooftaal gevestig word en die ontwikkeling van Sesotho sal waar moontlik ondersteun word. "Die beleid maak voorsiening vir studente en personeel se diverse kultuur- en taalagtergronde en berei hulle voor vir diversiteit in die werkplek."

Die beleid respekteer en is gegrond op die UV se visie en verbintenis tot gehalte en billikhed, sy missie as 'n universiteit en akademiese instelling, sy waardes, sy maatskaplik-politieke, kulturele en geografiese omgewing, sy statuut en die wetlike omgewing, sê Prof. Fourie.

Van die oogmerke van die taalbeleid is om veeltaligheid in die praktyk aan die UV te vestig en uit te bou. Tolkdienste sal byvoorbeeld ingespan word waar nodig. Die universiteit se Raad het ook aan Prof. Fourie 'n mandaat gegee om die moontlikheid van 'n taalombudsman en 'n taalkomitee te ondersoek. Dié komitee en ombudsman sal 'n aanduiding wees van die erns waarmee die raad taal- en diversiteitsake beskou.

Die taalbeleid verbind die UV tot 'n begroting wat redelike voorsiening maak vir die doeltreffende en koste-effektiewe inwerkingstelling van die beleid. Dit sluit in die voor-

siening van koste-effektiewe vertalings-, tolk- en taalfasiliteringsdienste binne die grense van bekostigbaarheid. Die UV is 'n leier op die gebied van tolkdienste, soos geblyk het uit die ondersteuning wat aan die Waarheid-en-Versoeningskommissie se verhore gegee is.

In die beleidsdokument word besonderhede uitgespel oor hoe die taalbeleid in onderrig, navorsing, gemeenskapsdiens en in die bestuur en administrasie van die kampus toegepas gaan word. Riglyne word gegee vir vergaderings, geskrewe kommunikasie en vir die verskeie bestuurs- en administratiewe toepassings.

Programme word ook beoog om die taalvaardigheid van personeel en studente te verbeter omdat dit belangrik is om die UV se beleid van veeltaligheid en toegang suksesvol uit te dra, sê hy. Eentalige personeel sal as deel van hul standaard oriëntering- en personeelontwikkeling kursusse in 'n tweede hooftaal ondergaan om so tweetaligheid te versterk. ■



*Die UV maak met die nuwe taalbeleid voor-siening vir kulturele verdraagsaamheid, sê die Rektor, Prof. Frederick Fourie.*

**The language policy respects, and is founded on the UFS's vision and commitment to quality and equity, its mission as a university and an academic institution, its values, its socio-political, cultural and geographical environment, as well as its statute and the legislative and constitutional environment. Some of the main points in the language policy are:**

- That it recognises the intrinsic nature of a university as a place of scientific practice and scholarship that establishes and requires a specific context for language and communication.
- That the UFS is a multilingual and multicultural institution where multilingualism is pursued and promoted within the larger context of a commitment to a non-racial, non-sexist, multicultural and multilingual institution.
- The language policy respects, proceeds from and is directed at pursuing the UFS's values of academic freedom and autonomy, equity, integrity, excellence and service orientation.
- The main languages of the university will be Afrikaans and

English and the management of proficiency in the main languages will be a strategic priority. Sesotho will also be promoted and supported as a scientific language and as a South African language in higher education.

- The UFS will maintain a system of parallel-medium by teaching in Afrikaans and English.
- The language policy is one of the first steps in achieving the Rector's vision for the UFS as spelled out in his inaugural speech in February this year, namely to focus on continuity and change, scholarship and community, quality and equity to take the UFS into its next century.

# UV speel groter rol in die

**D**ie Universiteit van die Vrystaat speel 'n toenemend belangrike rol in die uitvoerende kuns in die sentrale binneland. Hiervan getuig onder meer die Volksblad-kunstefees wat in die Julie-vakansie op die kampus aangebied is en die Macufe-fees in Oktober waarvoor die UV ook sy fasilitate beskikbaar stel. Die UV het ook onlangs gehelp om nuwe lewe aan die Vrystaatse Simfonieorkes te gee. Die UV het met vyf ander vennote saamgespan om gereelde simfonie-uitvoerings in Bloemfontein te laat herleef.

Dit kos ongeveer R1 miljoen per jaar om die Vrystaatse Simfonieorkes aan die gang te hou. (Dis 'n deeltydse orkes waarvan die lede musiek-dosente by die UV en Musicon is, asook studente en gevorderde skoliere. Daarom kos dit soveel minder as voltydse orkeste.) Hiervoor het die UV "saageld" van R250 000 gegee vir sleutelpersoneel, onder meer 'n artistieke direkteur. Dit was moontlik vanweë die positiewe effek van die finansiële draaistrategie op die UV se personeelbegroting.

Met die universiteit en die Musicon se personeel as die kern van die orkes, was veral die entoesiasme van die Vrystaatse LUR vir Kuns, Kultuur, Tegnologie en Wetenskap, mnr. Webster Mfebe, van deur-slaggerwende belang.

Ander belangrike vennote in die projek is die Internasionale Kunstrust (wat 'n soortgelyke bedrag beskikbaar gestel het), Pacofs en die Mangaung-munisipaliteit. Samewerking is aangevoer deur Prof. Frederick Fourie, Rektor van die UV en 'n stigterslid van die Vrystaatse Simfonieorkes in 1976. Hy sê musiek in die Vrystaat was nog altyd afhanglik van vennootskappe. Die nuwe vennootskap speel 'n sleutelrol om orkesmusiek in die Vrystaat in 'n nuwe groefase – vir 'n nuwe geslag jong mense en gehore uit alle gemeenskappe – in te neem. Dit bied 'n omvattende orkesontwikkelingsprogram vir die hele streek. "Om al die vennote weer saam te kry om saam te werk vir alle gemeenskappe, was 'n belangrike deurbraak vir ernstige musiek in die Vrystaat en vir Bloemfontein as 'n kultuurstad."


Prof. Fourie sê verder daar kan nie van 'n gebalanseerde gemeenskap gepraat word as die kunste nie deel daarvan vorm nie. In daardie oopsig speel kunstefeste 'n belangrike rol en is dit vir die UV 'n voorreg om daarby betrokke te raak. "Kuns kan, soos sport, help om brûe tussen mense en gemeenskappe te bou. Die UV kan in hierdie oopsig die rol van katalisator vervul," sê hy. ■

Foto's geneem tydens die Volksblad-kunstefees in Julie vanjaar.

(Foto's geneem deur Stephen Collett.)



# kunste





# Dolf gee klas in Afrikaans in Japan

**Om lesings aan te bied in die buiteland, is nie meer nuus vir Kovsie-dosente nie, maar om dit darem in Afrikaans in Japan te doen, is iets besonders.**

Prof. Dolf Britz van die Departement Ekklesiologie aan die Fakulteit Teologie is hierdie jaar deur die Gereformeerde Kerk in Japan genooi om lesings aan te bied oor die geskiedenis van die kerke in Suid-Afrika, die kerkgeskiedenis van 1600 tot 2000 in Europa en oor Europese gereformeerde belydenisskrifte uit die 16de eeu.

Hierdie lesings kon hy gemaklik in Afrikaans aanbied omdat sy tolk, Dr. Koicho Mino, Afrikaans goed magtig is en dit vir hom in Japannees getolk het. Dr. Mino was in die sewentigerjare in Suid-Afrika en het sy proefskrif oor die Ou Testament in Afrikaans geskryf. Hy is ook met 'n Afrikaanse vrou, Marella van Tonder, getroud. Hy het later na Japan teruggekeer en hom aangesluit by die Instituut vir Gereformeerde Teologie in Tokio.

Die Gereformeerde Kerk in Japan het twee opleidingsplekke, die een in Tokio en ook 'n Gereformeerde Teologiese Seminarium in Kobe. Prof. Britz het in Tokio én in Kobe lesings aangebied. Hy het ook 'n ope lesing vir sowat 50 predikante van die Gereformeerde Kerk van Japan, wat op 'n maandelikse grondslag bymekaar kom, aangebied.

Prof. Britz sê sowat 1% van die Japanese bevolking is Christene, waarvan die Gereformeerde geloof 'n klein deel is. "My indruk is dat die Christelike geloof kwalitatief Min-

mense voeg hulle by die kerk, maar die wat dit doen, weet waaroor dit gaan."

Dit is met die Japanne se werkywer nie maklik vir 'n predikant om huisbesoek te doen nie. Dit is ook duur om van vervoer gebruik te maak. Die gevolg is dat kerkgeboue 'n besondere rol speel. Sondae word gepreek, vroue vergader, kategese vind plaas en mense eet sommer ook by die kerk. Hulle kom vir die oggenddiens en bly vir die aanddiens. Kerkgeboue is dan ook veeldoelig ingerig met eetplekke, kombuisie en vergaderplekke. Lidmate neem ook aktief deel aan die werk van die kerk.

Prof. Britz sê sy besoek was die eerste kontak op teologiese gebied tussen die UV en die Gereformeerde Kerk in Japan. Prof. Yoshikazu Makita, president van die Gereformeerde Teologiese Seminarium in Kobe, het as uitvloeisel van Prof. Britz se besoek aan Japan die UV besoek en gaslesings hier aangebied.

Gesprekke is ook gevoer met die oog op nouer samewerking tussen die UV en die Seminarium in die toekoms. ■

*Bo links: AFRIKAANS IN DIE KLASKAMER Prof. Dolf Britz in die lesinglokaal. Regs van hom is sy tolk, Dr. Koicho Mino, wat Afrikaans kan praat.*

*Bo Regs: PLEK VAN AANBIDDING 'n Tipiese kerkgebou in Japan. Sondae is dit 'n miernes van bedrywighede soos eredienste en ander kerksake afgehandel word.*

# Studente kry ervaring in trauma-intervensie

Trauma-intervensie is 'n spesialisgebied van die Sielkunde en dit is nie alle sielkundiges beskore om eerstehands ervaring daarvan op te doen nie. Die Trauma Hulplyn aan die UV stel studente in die posisie om waardevolle praktiese ervaring te kry.

Só sê Dr. Henriëtte van den Berg, dosent in Sielkunde en koördineerder van die Trauma Hulplyn aan die UV, oor die Trauma Hulplyn wat in 1998 tot stand gekom het as insiatief van die Departement Sielkunde om traumaslagoffers in die streek by te staan. Daarvoor werk die Departement Sielkunde baie nou saam met die Suid-Afrikaanse Polisiediens.

Die eenheid bestaan tans uit sesstien Sielkundestudente wat met die eerste jaar van hulle M.-studie besig is om as professionele sielkundiges te kwalifiseer, asook intern-sielkundiges wat reeds hulle akademiese opleiding voltooi het en praktiese opleiding by internskapsinstansies soos Eenheid vir Professionele Dienlewering en Ontwikkeling (EPOG) en Buro vir Voorligting en Gesondheid (BVG) aan die UV ondergaan.

Dr. van den Berg sê die traumaberading gee waardevolle geleenthede aan studente om ervaring in die praktyk op te doen. Trauma-opleiding gee krisis-intervensievaardighede aan studente wat hulle andersins nie sou kry nie. "Hierdie praktiese blootstelling is selfs baie professionele sielkundiges nie beskore nie."

Gevalle waarna die trauma-werkers uitgeroep word, is byvoorbeeld skietvoorvalle, motorongelukke, gewapende



KOÖRDINEERDER Dr. Henriëtte van den Berg.

roof, selfmoordpogings, voltooide selfmoorde en gyselaarsituasies. Na die tyd word opvolgafsprake met die slagoffers gemaak.

"Hoe gouer mense wat traumatische omstandighede ervaar het, daaroor praat, hoe beter verwerk hulle die probleem. Indien dit nie gebeur nie, onderdruk baie slagoffers die traumatische herinneringe en kan hulle lank daarna nog aan post-traumatische stres ly, en nagmerries en terugflitse kry," sê sy. "Mense moet geleer word om die trauma te hanteer deur hulle sosiale hulpbronne uit te bou en te mobiliseer."

Vanjaar was die Saulpoortbusramp by Bethlehem waarin meer as 50 mense dood is, die grootste ramp waarby die UV se trauma-ondersteuningsgroep betrokke was. Dr. van den Berg sê ná die ramp is gesinne en familie van die slagoffers per bus van Kimberley na Bobbiespark in Bloemfontein vervoer om ingelig te word oor die ramp en vergesel te word na die lykshuis vir uitkennung van lyke.

Die eenheid het om 17:00 die oproep gekry dat sy dienste benodig word en 'n halfuur later was almal op Bobbiespark.

Trauma-werkers het familie vergesel na die lykshuis en hulle bygestaan tydens die uitkennung van lyke. Van die slagoffers se familie was so getraumatisieerd dat hulle nie met die personeel in die lykshuis kon praat nie, en deur die ondersteuning van die studente kon hulle sodanig kalmeer word dat hulle meer samehangende inligting verstrek het. Die tussenkom van die studente het daar toe gelei dat proses in die lykshuis vinniger en vlot kon verloop.

"Die terugvoer wat ons van die gemeenskap kry, is verskriklik positief. Die diens help mense om hulle ondersteuningsbronne te mobiliseer. As die ondersteuningsbronne nie onmiddellik beskikbaar is nie, staan studente in. In een so 'n geval het 'n student deurnag by 'n vrou op die N1 gesit en wag tot familie opgedaa het nadat haar man doodgery is terwyl hy 'n band geruil het."

Die UV se traumadiens word van Februarie tot November in die studente se akademiese jaar aangebied. In Desember en Januarie neem die Polisie se sielkundiges oor.

Die Trauma Hulplyn verlig die Polisie se taak geweldig, sê Dr. van den Berg. Hulle is so onderbeman dat hulle nie nog na slagoffers kan omsien nie. "Studente maak die Polisie se hande los om hul ander take te verrig. Dit gee ook aan studente die geleentheid om hulself beter in die proses te leer ken."

"Tussen alles deur leer 'n mens ook om nooit die mens se vermoë te onderskat om probleme te oorkom nie. Die veerkrachtigheid van die mens verstrom jou," sê Dr. van den Berg. ■

# Tegnologie neem verpleegskool na die platteland

**Die nuwe telematiese diens word vanjaar vir die eerste keer deur die Verpleegskool vir verpleegkundiges op die Vrystaatse platteland aangebied. Kursusse wat aangebied word, is die Diploma in Primêre Kliniese Gesondheidsorg vir susters aan klinieke wat mediese diagnoses moet maak, en die Diploma in Gevorderde Verloskunde en Neonatologie.**



*Bo: PERSOONLIKE AANDAG Mev. Elgond Bekker, mentor in die klaskamer.*

*Oorkantse blad, van bo na onder:*

**TEGNOLIE** Me. A.M. Swart van die Departement Gesondheid wat die tegniese versorging hanteer.

**PROBEER SELF** Van die studente in die interaktiewe klaskamer.

**MAKLIK GEDAAN** Dr. Lizette Roetz, dosent in Gevorderde Verloskunde.

**D**eur tegnologie in te span is die Verpleegskool aan die UV nou nie net tot die campus beperk nie, maar bring hy waardevolle opleiding aan verpleegpersoneel op dertien plekke elders in die Vrystaat.

Prof. Paula du Randt, Programdirekteur in die Na-basiese Program in Gevorderde Verpleegkunde, sê die Verpleegskool het 'n kontrak met die Nasionale Departement van Gesondheid om telematiese indiensopleiding na die uithoek van die provinsie te neem. Dit is deel van 'n nasionale projek waarin verpleegpersoneel in 40 sentra in Suid-Afrika bereik word.

Die sowat 125 studente in die UV-program is net 'n vingerpunt verwyder van hulle dosent. Hulle kan in onder meer Vrede, Sasolburg, Zastron, Kroonstad en Jagerfontein in lokale naby hulle werkplekke sit en met die druk van 'n knoppie met die dosent in Bloemfontein kontak in die klaskamer maak.

Die nuwe telematiese diens word vanjaar vir die eerste keer deur die Verpleegskool vir verpleegkundiges op die Vrystaatse platteland

aangebied. Kursusse wat aangebied word, is die Diploma in Primêre Kliniese Gesondheidsorg vir susters aan klinieke wat mediese diagnoses moet maak, en die Diploma in Gevorderde Verloskunde en Neonatologie.

Dosente in dié rigtings skuff Woensdae en Vrydae agter 'n elektroniese skerm by die Oranje Hospitaal en via tegnologie wat deur Telkom beskikbaar gemaak word, kom die dosent en die student bymekaar uit. Die student kan die lesing volg waar hy of sy ook al in die provinsie sit en as daar vrae opkom, sleutel hy sy studentenummer op 'n toetsbord in en stel vrae aan die dosent, wat dit dan regstreeks met die student en ander studente kan deel. Die dosent kan onmiddellik sien wie die student is, so word die kontak dan ook "persoonlik".

Praktiese opleiding van die studente wat aan die program deelneem, geskied by die opleidingshospitale soos Universitas, en die provinsiale hospitale in Kroonstad en Bethlehem.

Prof. Du Randt sê met die tegnologiese sprong bemagtig die Verpleegskool verpleekundiges in die Vrystaat om hul werk te doen. Die verpleegpersoneel wat in die bedryf staan, het almal gesinne en dit is vir hulle moeilik om kursusse op die kampus by te woon.

Die Verpleegskool kry ook geleentheid om nou met die Departement Gesondheid saam te werk. Die samewerking behels dat die UV die uitsaaifasiliteit moes koop en die studente word via die Departement van Gesondheid, wat hulle nomineer, geregistreer.

Die projek het egter nie sonder pyne gepaard gegaan nie. Dit het 'n verhoogde werkslading vir personeel meegebring, wat hierdie klasse ook moet voorberei en aanbied. Daarbenewens moes geskikte lokale op die platteland gevind word, asook opsieners en klaskamermentors wat uit die aard van die saak opgeleide verpleegpersoneel moes wees. As studente 'n besondere lesing nie kan volg nie – weens byvoorbeeld 'n kragonderbreking op hul tuisdorp – kan 'n band van die lesing weer later aan hulle verskaf word.

Studente in 'n spesifieke omgewing van 'n sentrum, bv. Jagersfontein, word gegroepeer sodat hulle saam kan studeer. ■



# Eeupeesboek vorder fluks

**Skryfwerk aan die die UV se gedenkboek wat in 2004 met die universiteit se eeupees die lig gaan sien, vorder goed, sê**

**Prof. Pieter Coetzer, navorser en mede-outeur van die boek.**

**Skryfwerk aan die periode van 1970 tot 1990 is voltooï en die daaropvolgende periode tot vandag word nou aangepak.**

**Hy sê hy is vol vertroue dat die boek teen die begin van Desember gereed sal wees vir die drukkers.**

## UIT DIE EEUFEESBOEK

“ In die vroeë vyftigerjare was die jool in die winter. Dan het die Vishuismanne hul vlotte by oom Boy van Tonder se werkswinkel gaan bou. Oom Boy het 'n groot konkavuur aan die gang gesit om die manne warm te hou. Dit was glo uitgesoekte manne wat elkeen sy eie stoel daar gehad het en wat, as tweede maatreël om die koue te verdryf, om die konka saam met hul gasheer gesit en drankies geniet het 'tot die koeie huis toe kom'.

Tampan Booyens-hulle het die jool in die vyftigerjare baie geniet en het onverantwoordelike dinge aangevang. Daar is nie net in Bloemfontein vlotte gebou nie; daar is ook na Brandfort en Welkom gegaan waar die koue nagte getrotseer is. Die mense in Welkom was baie gasvry en het hulle oorgenooi om daar te slaap. By geleentheid het hulle iemand gesoek om die klavier te speel. Loffie Swanepoel was 'n Chemie-student en begaafde musikant en sou die note slaan, maar volgens Tampan het die musikant hom die vorige nag onkapabel gedrink en dit boonop op die skoolterrein. Tampan moes met hom wegsluip om hom buite sig te probeer nugter kry. Hulle het met die spoorlyn langs geloop en hy moes die aangeklamde vriend kort-kort optel. Op een of ander manier het die twee in die rondte geloop en toe hulle hul weer kom kry, was hulle terug op die skoolterrein, met Loffie nie veel nugterder as vroeër nie.”

# Die 100 PLUS-fees

**D**ie eeufeesjaar is slegs 'n moment op die tydlyn van 'n voorkeur universiteit. Dit verbind die verlede met die toekoms vir 'n verdere honderd jaar. Matematis is die eeufees inderwaarheid die plusteken in die 100+ (verlede plus toekoms).

Só sê Jan Ras, organiseerder van die fees der feeste wat oor 365 dae, vanaf 28 Januarie 2004 tot 28 Januarie 2005 sal strek. Verskeie hoofmomente, 'n reeks spesiale geleenthede en 'n magdom roetine aktiwiteite verseker dat elkeen wat daar-aan deelneem 'n onvergeetlike jaar salervaar.

Die UV is integraal deel van die breë samelewing. Dus fokus die fees nie net op alumni, huidige studente en personeel nie, maar ook op die samelewing, insluitend voornemende studente.

- Die verjaarsdagdatum van die universiteit, 28 Januarie 2004, is die ampelike afskopdatum van die feesjaar. Die eerste tien dae is gevul met studentepret: 'n feeskonsert op die eerste dag en 'n jooloptog wat anders is, op die tiende dag. 'n Spesiale internasionale dag word gevier om die UV se verbintenis met ongeveer 42 lande te beklemtoon.

- Die ampelike opening van die universiteit word voorafgegaan met 'n prosessie bestaande uit die raad, rektoraat, personeel en studente. Die prosessie begin by Grey Kollege en word aangevul deur skoliere van Grey Kollege. Alumni word uitgenooi om deel van hierdie historiese optog te wees.

- In Maart 2004 word spesiale erkenning aan graduandi en diplomandi tydens die gradeplegtigheid en prysuitdelings van die onderskeie fakulteite gegee. Dit word gevul deur 'n sport-

fees in die tweede kwartaal. 'n Spesiale jeugdag, vir primêre en sekondêre leerlinge met die klem op akademie, sport en kultuur sluit die eerste semester se feesvieringe af.

- Julie is kunsmaat. Dit is weer tyd vir die Volksblad-Kunstefees. Volksblad herdenk in 2004 ook sy eeufees. Verskillende opdragwerke word dan bekend gestel.
- Dit is belangrik om nou reeds die datum van Donderdag 29 Julie 2004 in die dagboeke aan te teken. Elkeen wat op een of ander wyse deel voel of is van die UV moet om 11:00 daardie dag op die Rooi Plein wees. Hierdie dag sal 'n historiese dag in die geskiedenis van die UV wees!
- Die grootste saamtrek van akademici en alumni vind gedurende Oktober 2004 plaas. 'n Kongres van internasionale aansien word beplan. Dit word gevul deur die grootste reünie van alle tye. Die program daarvoor sien soos volg daaruit:
- **Vrydagmiddag:** Departemente reünies
- **Vrydagnag:** Koshuisreünies (deurnag tot Saterdagmiddag)
- **Saterdagmiddag:** Bekendstelling van die "nuwe" kampus
- **Saterdagand:** Die reünie

- Op Vrydag 28 Januarie 2005 sluit die fees af met 'n konsert wat elkeen sal bybly vir die volgende 100 jaar.

Maak seker dat u adresbesonderhede korrek is. Skakel David Kriel by (051) 401-3409. Stuur ook die adresbesonderhede van minstens 10 ander alumni deur. Daar is meer as 10-plus aktiwiteite waaraan u kan deelneem. Moet dit nie mis nie. 'n Eeufees is eenmaal in 'n leeftyd! ■

**Die UV is integraal deel van die breë samelewing.**

**Dus fokus die fees nie net op alumni, huidige studente en personeel nie, maar ook op die samelewing, insluitend voornemende studente.**



**BEDRYWIG Mnr. Jan Ras,**  
Feesorganiseerder, werk hard om mense bewus te maak van die jaarlange eeufees wat aanstaande jaar gehou word.  
(Foto: Stephen Collett)

# Vatican calls in UFS's assistance



**DELIGHTED** Prof. André Pelser said the study was a compliment for the centre.

The demographic profile for the Roman Catholic Church is completed and the next phase of the same project will take the Centre for Development Support (CDS) at the Faculty for Economics and Business Management at the UFS to the Roman Catholic headquarters in Rome, Italy in January 2004.

Prof. André Pelser, professor at the Department of Sociology and Senior Research Associate at the CDS, said the study they have completed for the Roman Catholic Church was on demographic changes and trends in the membership structure of the *Missionari Oblati Di Maria Immacolata* (Oblate of Mary Immaculate), a Catholic congregation with male members only.

The Oblate has existed for a few hundred years and has about 4 800 members worldwide. Lately, however, the dwindling membership has become a matter of concern. The study will assist decision making about the future and repositioning of the Oblate at the Congregation's General Assembly to be held in September 2004.

The Oblate reached the UFS through Father Emmanuel Mosoeu, the representative of the Oblate in South Africa, who was tasked by the Precapitular Commission in Rome to find someone to conduct the investigation.

Prof. Pelser said the study was a compliment for the Centre, as there are a few agencies in Europe with similar research experience. Prof. Pelser said current and future (projected) demographic change is the most important social driver that will determine the future profile of the Oblate's membership and, to some extent, also the sustainability of some of the Congregation's work programmes, like training and building projects, and even missionary work.

Three prominent changes inherent to current and future trends in world population are, first-

ly, a trend towards declining population growth and numbers in some (mostly more developed) countries and regions; secondly, a progressive aging in respect of age structure, and, thirdly, a shift in the population balance between geographic regions.

Statistical analyses of the Oblate of Mary Immaculate's census records for the past ten years and the CDS's demographic projections of these records show that the Congregation's membership structure reflects the same three changes and trends. Even more important is the fact that these changes are projected to gain greater momentum in the future, with implications not only for the current balance between the Oblate's regions and countries, but also for Oblate numbers, particularly in the younger (under 30 years) and older (above 60 years) age groups.

It is recommended that in order to assess the impact of these changes on the sustainability of the Oblate's work programmes and membership, three actions should be considered: Firstly, the compilation of a data bank of provincial assignments that should be updated as part of the annual census in all countries. Secondly, this should be supplemented with a global survey among all Oblates to generate solutions and strategies from members to position the congregation and its activities to meet the challenges posed by changing demographic realities.

Thirdly, the Oblate should consider the impact of the projected demographic changes on its future financial sustainability by means of an in-depth actuarial assessment.

This is necessary in order to assess the impact of shifting trends in regional proportions and balances over the next two decades on budget allocations for countries and regions. ■

# Research will help curb non-payment

By Sarina Myburgh

The Centre for Development Support (CDS) at the UFS recently did major research projects that can assist in the changing of the non-payment culture in South Africa. The centre, for instance, completed two national research projects on the payment for municipal services and indigent support policy.

The CDS also participated in a couple of evaluative research projects, for instance a service-delivery assessment for the Free State's Department of Public Works, Roads and Transport.

The CDS is a research and development unit within the Faculty of Economics and Management Sciences at the UFS with the broad aim of promoting sustainable human development in the broader South African society.

Prof. Lucius Botes, Director of the Centre for Development Support at the Faculty of Economics and Management Sciences, said one of the research projects looks for instance at the economic consequences and policy implications of the non-payment of municipal services in South Africa. It was found that non-payment is more a case of an inability to pay than an unwillingness to pay.

All trends in the data collected by the CDS point at a situation where the core issue of non-payment is not one of moral irresponsibility, but rather one of a lack of financial means. Several trends in the data primarily suggest a financial inability to pay amongst a considerable proportion of non-paying households, with aspects such as dissatisfaction with services and a lack of a moral responsibility of secondary importance.

In another project research was done on Bloemfontein as a first choice for economic investment. In this project the concerns of business people on why Bloemfontein is losing business, was researched. It was found that a large number of reasons contributed to business outflow from Bloemfontein and that companies with

regional offices have downscaled considerably in the city over the last decade. The main reasons for the outflow of business were identified as poor service, retail policies of bigger companies, people that are not loyal to Bloemfontein and procurement to companies outside the Free State or Bloemfontein.

An evaluation was also done on the Local Economic Development (LED) Projects in the Free State. The CDS suggested that the LED fund rather supports the four to six projects that are in an operational stage than maintaining the projects that have failed or will not become competitive. It is of pivotal importance to link future LED initiatives with the Free State Development Plan and the economic growth and job creation cluster of the Free State. The recommendation also was that the LED drive in the province should not only be project orientated and dependent on funds from the national government. A larger degree of end-beneficiary participation is needed during the project design and operational planning stages.

Prof. Botes said one of the major projects the CDS is involved in, is the social analysis and risk assessment of consumer behaviour and household expenditures to assist in the implementation of a customer-loyalty programme for Eskom. A pilot programme will be launched in Soweto, based on the CDS's findings and recommendations.

Of the findings are that there is a favourable consumer perception towards the supply and affordability of electricity, one that is conducive to the implementation of a reward programme. A reward programme could divert expenditures from some of the less essential or non-essential expenditure groups towards housing and electricity. The type and nature of rewards should appeal to consumers in both low and more affluent socio-economic households, as well as consumers in rural as well as urban areas. ■

**It was found that  
non-payment is more  
a case of an inability  
to pay than an  
unwillingness to pay.**



**AHEAD IN RESEARCH**  
*Prof. Lucius Botes, Director of the Centre for Development Support at the Faculty of Economics and Management Sciences.*

# Africa's first GMO testing facility at UFS

By Anton Fisher

**G**MOTesting and labeling allows consumers the right of choice to eat genetically modified foods or not, Dr Chris Viljoen, manager of the GMO testing facility at the University of the Free State, said.

A formal agreement linking Africa's first testing facility for genetically modified organisms (GMO) to an international organisation was signed at the University of the Free State in August.

According to Dr Viljoen the facility is now part of GeneScan – a world leader in food diagnostic testing.

The GMO testing facility is the brainchild of Dr Viljoen, who is a specialist in the field of marker biotechnology and its applications in crop science at the University of the Free State.

He said the need for such a testing facility arose due to the international regulations on GMOs in food, especially in Europe and Asia that requires South African exporters to certify whether their products contain any GMO.

"The regulations in Europe and Asia reflect a consumer need for choice in what they eat due to concerns over the safety of GMOs, as well as environmental and ethical issues. According to EU regulations, any product with a GMO content of one percent or higher is labeled as containing GMO."

Dr Viljoen said that there are only four products in South Africa that are currently GMO classified. They are white and yellow maize, that have been made insect resistant, soya bean that is herbicide tolerant and insect-resistant cotton.

He said that the awareness of GMOs among South Africans is still very limited, especially in poorer communities, but is likely to increase with the efforts being made in consumer education by government, seed companies and NGOs.

The testing facility has been established to accommodate the local as well as international market.

The GMO testing at the UFS facility is performed using real time PCR, the most advanced

means of GMO detection currently available, using GeneScan developed technology that is recognised worldwide.

"Our facility at the UFS has been selected by the second largest international food company to do all its South African GMO testing for export products. "This facility is unique to South Africa and the African continent," Dr Viljoen said.

"The problems of food shortage are not solely created on a farmer's field, but rather a combination of factors affecting production and distribution, including politics, farming practice, access to irrigation and improved technology, access to fertilizers, improved varieties of seed and rainfall. Genetically modified foods will play a role in alleviating food shortages but not in an isolated environment," Dr Viljoen said.

"Since the inception of international regulations on GMOs, a niche has arisen for South Africa in the non-GMO market that did not exist previously and which producers are uniquely able to take advantage of. Many South Africa companies export non-GMO products to Europe and Asia for which they receive an added premium." ■



*INFORMING THE PUBLIC Ms Gerda Botha, Laboratory assistant, and Dr Chris Viljoen, Manager of the GMO facility.*

# Studente-herinneringe

## laat haar oë steeds vonkel



**LEWENSGENOT** Mev. Ella Pienaar lees graag en maak ook hangeroortreksels.



**D**it was lekker tye. Sy lag nou nog lekker oor al die pret wat hulle in haar studentedae op die kampus gehad het. Dit was die lekkerste tye in haar lewe, sê mev. Ella Pienaar (gebore Cronjé) (96) van Edenburg in die Vrystaat.

Sy was van 1925 tot 1928 'n B.A.-student, met Afrikaans en Latyn as hoofvakke. Sy het daarna haar U.O.D. gedoen.

Die UV was toe nog die die Grey Universiteitskollege en sy moes haar graad nog in Pretoria gaan kry het. Dit was ook nog die dae van interne en eksterne eksamens.

Hulle was almal oorlogsbabas na die Anglo-Boereoorlog. Mense was arm, maar daar was nie 'n gebrek aan mededeelsaamheid nie. Die "tuckbox" vol druiwe of kersies of perskes, wat die ouers gestuur het, is met studentemaats gedeel, maar hulle het darem seker gemaak dat die heel lekkerstes bo in die kaste gebêre is sodat hulle die herinneringe en die lekkerte darem net so 'n klein bietjie langer kon uitrek.

Daar was net twee koshuise – Huis M.T. Steyn en Vishuis – 'n klein bibliotekie, die hoofgebou en verder nijs. Met 65 meisies in die koshuis was hulle soos 'n klein familie.

Daardie jare was die kampus nog 'n aansienlike entjie buite Bloemfontein. Ontwikkeling het intussen nader gekruip en woonbuurte omarm die kampus as't ware, maar in daardie tyd moes studente die stewige afstand tussen die kampus en Springbokpark te voet aflê as hulle iewers wou kom. Die trem

het daar omgedraai. "Ons grootste koste was skoensole," sê sy.

Daar was nie 'n enkele motor op die kampus nie. Ook nie telefone nie.

Studentelewe was vol en ryk en daar was min tyd vir verveling. Daar was musiek en dans en fliek, sê sy. Flike het nog onderskrifte gehad en hulle was bevoorreg om in die Bloemfonteinse teater oorsese produksies te kry soos *Scarlet Pimpernel* en ander. Studente het gewoonlik in die "gods" (balkon) gesit vir 'n tiekie.

Modes het nie ongemerk verbygegaan nie. In haar tyd het die moulose rok sy verskyning gemaak, en baie manstudente het nie geweet of die rokke dagdrag of onderklere was nie. So moes 'n meisie hoor: "Ekskuus, Polly... ek het nie geweet jy het nog nie aangetrek nie..."


Studentedrag was natuurlik nie so gemaklik soos vandag nie. Togas moes elke dag klas toe aangetrek word. "Dit was lekker, want ons kon ons ou klere daaronder wegstreek," sê sy.

Interessante tradisies is ook in daardie tyd volgehou. So was daar die "Eksamenvreesbegrifnis" wanneer die eerste eksamenrooster op die borde verskyn het. "Eksamenvrees" is dan in 'n vuurhoutjiedosie gesit en by die dameskoshuis begrawe. Mans het hulle togas agterstevoor aangetrek en hulle het 'n handdoek om die nek gehad om die tranen af te droog. Die vroue het hoede gedra en almal het saamgesing "Salig hy wat in die lewe geen eksamen hoef te skreve". "Dit was groot pret en die vrees is sommer weggetrek," sê sy.

Engels was die voertaal op universiteit. Behalwe vir die Afrikaanse klas van Dr. D.F. Malherbe en die Nederlands van Prof. Franken, was alles in Engels.

Sy het na haar studie aan die UV op Koffiefontein en Fauresmith onder meer klas gegee. Sy het haar man, Tom, ook 'n oud-Kovsie en onderwyser, op Koffiefontein ontmoet. Na haar man se dood in 1976 het sy by haar dogter Rachie Cloete en haar man, Ds. Willie Cloete, eers in Johannesburg en daarna op Edenburg gaan woon. Haar dogter en seun (Arrie van Bloemfontein), en kleinkinders is ook almal oud-Kovsies. Die jongste kleinkind, Anri, is 'n vierdejaarstudent in Kliniese Sielkunde aan die UV. ■

**só het**



# Gawie sy naam gekry

Deur Appels Odendaal

**Net voor sy heengaan,  
het ek en wyle Gawie  
Viljoen sit en gesels  
oor ons dae op die  
Bult. Hy vra my toe  
om 'n artikel oor  
daardie dae te skryf.  
Ek het beloof dat ek  
sal dink daaroor. Kort  
daarna is hy oorlede  
en het ek dit eenkant  
toe geskuif, maar  
onlangs het 'n ander  
tydgenoot my  
aangepor om te skryf.  
Ek probeer.**

**O**p 22 Februarie 1939 om 4 nm. hou my ouers en Louis Strydom se ouers met ons voor die hoofgebou stil. Ons klim uit en staan vir 'n oomblik na hom en kyk en toe gaan baie gedagtes deur die kop. Wat wag daar vir ons in die volgende paar jaar, ens? Ons klim die trappies op soek na die registrator se kantoor. In die portaal kyk ons op en af in die gange, maar sien geen kantoor nie, net lesingsale. Uit een van die sale kom 'n persoon wat vriendelik vra of hy kan help. Ons sou hom later leer as oom Wattie met die geweldige rang van faktotum. Hy verduidelik dat die registrator se kantoor in Reitzsaal is.

Ons kry dit en staan verslae dat die administratiewe kantore uit net twee kamers bestaan: een vir die registrator en een vir die boekhouderster. Mnr. Saaiman deel mee dat as ons nou ons universiteitsgelde vooruit betaal, ons afslag sal kry. Ons gaan na die aangrensende kantoor waar ons mej. Henschel ontmoet. Sy praat van fôie – nie fooie nie – en sy het later die naam van Ma Fôie gekry. Die gelde wat betaal moes word, was Intreefooie R2 (£1), Onderriggelde R10 (£5), S.V.R. R2,50 (£1-5-0), Registrasie R2,00 (£1-0-0), Losiesgelde R20,00 (£10), R36,50 (£18-5-0).

Ek het vandag nog al my kwitansies van my vier jaar op die Bult. Alles ingesluit het ek met R709,66 'n graad en UOD behaal.

Vervolgens is ons na die Abraham Fischer-

**WAARDEVOL**  
*Appels Odendaal het  
vandag nog 'n  
versameling  
kosbaarhede uit  
sy studentedae  
op die Bult.*

tehuis om verblyf te kry. Die voordeurklokkie werk nie. In die geselskapkamer sit iemand lustig en speel op 'n klavier. Hy hoor ons geklop dus nie. Gelukkig kom iemand die gang af. Hy vra of hy kan help. Asseblief, ons soek die huisvader.

Die persoon gaan in die putgat en skree so hard as wat hy kan "Malie van der Merwe"! Èrens uit die holte van die gebou antwoord iemand dat hy kom. Ons sou later uitvind dat hy nie die huisvader is nie, maar die voorsitter van die huiskomitee. Daar was geen huisvader of die hedendaagse primarius nie.

Malie stel hom voor en neem ons na ons kamer. Nommer 14 links in die gang af, tweede op links. Ons moet ons maar huis maak. Ons dra ons koffers in, groet ons ouers en hulle vertrek. Nou was Louis of liever Lovey soos sy naam verander het en ek kamermaats vir die volgende vier jaar.

In die kamer bokant ons tokkel iemand op 'n snaarinstrument en hou ritmies tyd met sy voete op die vloer.

Ons stap naderhand na buite om die wêreld te gaan verken en daar tussen die dennebome staan 'n skralerige persoon. Hy kom nader en stel hom voor as Dawie Viljoen komende van Luckhoff. Toe kom daar so 'n ou rooibruiin Austin om die hoek aan die bopunt van Afrika. Die motortjie ry tot teen die trappies voor die koshuis. Die persoon klim uit en skree net so hard as hy



*Van links na regs. UITGEVAT Odendaal as student. TEL OP Appels Odendaal het sorgvuldig boek gehou van al sy uitgawes in sy studiejare. SPANFOTO Die hele universiteit, met personeel en studente, kon in 1942 nog voor die Hoofgebou regstaan vir 'n foto.*

kan: "Blik... is jy hier?" Die persoon wat so op die banjo gespeel het, loer deur die venster en skree terug: "Kerkie, het jy gekom?" 'n Oomblik later kom hy by die voordeur uit en hy en Kerkie omhels mekaar in so 'n Jasser Arrafat-omhelsing.

Kerkie kyk toe op en se "Hêêi julle, kom hier". Ons stap nader en terwyl ons so aankom, sê Kerkie "maar jy lyk soos Grawie". En so het Dawie Viljoen 'n naam gekry wat tot sy dood aan hom sou kleef. En so het ons W.P. Kerkrops van Niekerk ontmoet en sou ons nog baie vir sy mannewales en gesegdes lag, want snaaks was hy beslis.

Tydens die aandete kry ons opdrag om ou klere, by voorkeur kortbroeke, te gaan aantrek en na die geselskapkamer te kom. Daar gekom, sit 'n mag der menigte ou manne op die bank teen die muur en ons moet op die vloer plaasneem.

'n Klomp opdragte word gegee: Ons moet almal so gou as moontlik leer ken, ons moet almal op die universiteitsterrein

groet te alle tye, ons moet 'n groen boekie aanskaf waarin ons alle besonderhede oor onsself, ons kursus, ens. aanteken, al die liedjies wat ons gaan leer moet daarin aangeteken word, al ons sondes sal daarin aangeteken word, en dit moet ten alle tye by ons gedra word.

So reën die bevele en opdragte en dan moet ons die "verwelkoming" in 'n ernstige lig sien, want "Fred Zak" is die tyd van afrekening en wee die een wat verbrou. Ontgroening is afgeskaf en ons word nou met die studentelewe vertroud gemaak.

Tienuur staak die bedrywigheid en toe moet ons die aandgebed opsê en die aandgesang sing. Ons word weer daaraan herinner dat dit 'n ernstige saak is. Die ligte word afgeskakel. Ons moet op ons knieë gaan staan kop onder die bank teen die muur in. Iemand sê voor: "O! Greyiaai, o Grootkop...."

En het was morgen en het was avond van die eerste dag van verknorsing, verdrukking en be.... ■

## ODENDAAL HOU BOEK

'n Hele £354-16-6. Dit is hoeveel sy B.A.-graad en destydse U.O.D. hom destyds gekos het, sê mn. Hubertus La Grange (Appels of Oot) Odendaal (82) van Helikonhoogte in Bloemfontein.

Hy sal weet hoeveel dit tot op die laaste pennie gekos het, want elke rekening uit sy studentedae word nog soos goud bewaar. So ook aantekeninge

wat hy in die klasse gemaak het, onder meer in die klas van Dr. Benedictus Kok, later Professor en Rektor.

Mnr. Odendaal het diep spore in die Onderwys in die Vrystaat getrap nadat sy loopbaan eers 'n draai in die joernalistiek by die destydse *Oosterlig* in Port Elizabeth en *Die Burger* in die Kaap gaan maak het.

Hy was van 1950 tot 1961 onderwyser

aan die Hoërskool Voortrekker op Bethlehem. Van 1961 tot 1969 was hy eers onderhoof en later hoof van die Hoërskool Sarel Cilliers op Koppies en het daarna Inspekteur van Onderwys op Bethlehem geword.

Hierna het hy in 1980 Hoofinspekteur van Onderwys in Bloemfontein geword, waar hy in 1985 afgetree het.

# Finansiële strategie is volhoubaar

**M**et die draaistrategie wat vanjaar reeds moontlik die teikens gaan bereik wat vir 2005 gestel is, kan die universiteit sy aandag nou ten volle wy aan sy volgende stel uitdagings, naamlik gehalte, dienslewering en groeibestuur, sê Prof. Niel Viljoen, Hoofdirekteur: bedryf.

Die streng koste-beheer wat in werking gestel is en die sterk groei in studentegetalle het in die afgelope boekjaar daartoe gelei dat die totale inkomste met 14,7% geklim het van die R477,5 miljoen in 2001 tot die R560,1 miljoen in 2002. Daar teen het die totale uitgawes net met 13,3% van 398,9 miljoen tot R451,8 miljoen gestyg.

Die jongste raming is dat die verhoogde doelwit van R105 miljoen wat vir 2005 gestel is, reeds vanjaar bereik sal word. Hiervan is R20 miljoen vanweé kostebesnoeiings en R85 miljoen kan toegeskryf word aan groter inkomste vanweé hoër studentegetalle.

Die hoofkenmerk van die 2002-boekjaar is dat die voordele van die draaistrategie begin deurwerk het na meer fasette van die universiteit en veral ook na personeelvergoeding.

Dit het dit moontlik gemaak om met die vakbonde ooreen te kom op 'n salarisaanpassing van 11,8% vir 2002, sowel as 'n bonus van R1 000 vir elke personeellid. Van die uiteindelike verhoging van 11,8% was 6,5% ten opsigte van 'n inflasie-aanpassing en 5,3% 'n reële (meer-as-inflasie-) verhoging. Dit is in 2003 opgevolg met 'n 11%-verhoging, wat ongeveer 2% bokant die inflasie-koers blyk te wees.

As gevolg van die sukses van die draaistrategie kon R52,4 miljoen beskikbaar gestel word vir die uitbouing van die strategiese fokuspunte vir 2002, naamlik: die UV as universiteit van voorkeur, gelykbergtiging en billikheid, herstrukturering van hoër onderwys, en finansiële volhoubaarheid. ■

## UV voor in dermatologie



INTERESSANTE STUDIE  
Dr. Edward Berry.

'n Uitsonderlike prestasie is vroeër vanjaar behaal op die jaarlike nasionale kongres van die Dermatologiese Vereniging van Suid-Afrika in Stellenbosch. Twee kliniese assistente by die Departement Dermatologie van die UV het die eerste twee plekke verower in 'n kompetisie van gevallevoordrage waaraan al die land se departemente deelgeneem het.

Dr. Erich Bam het die eerste plek behaal met 'n voordrag van 'n geval van *keratoacanthoma annulare centrifugum* wat met acitretin genees is en Dr. Edward Berry was in die tweede plek met 'n voordrag van 'n geval van *akrokeratosis paraneoplastica* met dubbel patologie. Rare siektes of gevalle word gewoonlik op die kongres bespreek

Die standaard van die voordrage was hoogstaande en die beoordeling is gedoen deur 'n paneel bestaande uit dermatoloë van Engeland, Nederland en Amerika. ■



WENNER Dr. Erich Bam.

# Leer by internasionale kenner van entrepreneurskap



Bo van links: NUWE IDEES Prof. Louw van Sielkunde, Prof. Peter Rosseel, Dr. Hettie de Jager van Maatskaplike Werk en Prof. Van Aardt Smit.

Prof. Peter Rosseel van die Universiteit van Leuven, België en buiten gewone professor aan die Fakulteit Geesteswetenskappe aan die UV het verskeie werkswinkels in die Vrystaat aangebied.

Hier is hy ná 'n byeenkoms waartydens Prof. Van Aardt Smith van die Entrepreneuriese Kantoor by die UV en die Entrepreneuriese Komitee van die Fakulteit Geesteswetenskappe, onder voorsitterskap van Prof. Dap Louw, akademiese entrepreneurskap met hom uitgeklaar het.

Prof. Rosseel het werkswinkels aangebied in samewerking met die Departement Maatskaplike Werk oor entrepreneurskap en bestuur van verandering by die Departement Maatskaplike Ontwikkeling, by Vrystaat Landbou, by die Jim Fouche Hoërskool in Bloemfontein en by 'n sakeonderneming in die stad.

## Fourie elected vice-president of SAARDHE



Seven staff members of the Centre for Higher Education Research and Development (CHESD) attended the 13th Biennial Conference of the South African Association for Research and Development in Higher Education (SAARDHE) at the University of Stellenbosch from 25 to 27 June 2003.

The conference theme was *Rethinking and re-imagining higher*

*LEADING THE WAY Prof. Magda Fourie.*

*education*, and CHESD staff presented a total of six papers.

At the annual general meeting of SAARDHE held during the conference, Prof. Magda Fourie, acting Vice-rector: Academic Planning, was elected vice-president of the association for the next two years. Prof. Driekie Hay, acting Director of CHESD, was also elected to the SAARDHE executive. ■

# Qwaqwa bids Prof. Sam Motshologane farewell

By Tebogo Manchu

The University of the Free State Qwaqwa campus held a heartening farewell function in honour of Prof. Sam Motshologane at the end of April 2003. The function was attended by many well-wishers from students to top level management.

The UFS main campus was represented by Prof. Magda Fourie, Prof. I. N. Steyn, Messrs Chris Liebenberg and Willem Malherbe. Speakers included representatives from the Student Representative Assembly, NEHAWU, the academic staff and management.

In an auspicious occasion, graced by music from a number of university choirs, Prof. Motshologane was applauded for the pivotal role that he played in the incorporation of the Qwaqwa campus into the UFS. One of Prof. Motshologane's greatest challenges was to lead the campus through the process of incorporation into the UFS, and since no other university had walked this path before, he had nowhere to draw his notes for comparison. In spite of this, Prof. Motshologane displayed outstanding leadership qualities.

Speaking on behalf of the main campus, Prof. Steyn said Prof. Motshologane was like Moses. They have the same attributes of being capable, God-fearing and trustworthy. Dr E.N. Malete, on behalf of the academic staff, described him as a man of vision and foresight while the SRA President, Ms M. Letsaba, said the student leadership was very grateful for the fair way in which



**FOND FAREWELL** Prof. Sam Motshologane (right) receives a gift from Prof. Peter Mbati, Head of the Qwaqwa campus. Prof. Motshologane played a pivotal role in the incorporation of the Qwaqwa campus into the UFS.

he handled student matters. NEHAWU also commended him for the manner in which he dealt with staff issues during a period marred by insecurities and uncertainty. Prof. Peter Mbati, the Campus Head, said Prof. Motshologane would be remembered as a man of very strong character and unwavering determination.

In response, Prof. Motshologane said he was humbled by the experiences he had had at the Qwaqwa Campus. "These experiences left an indelible mark in the history of my life," he said. He thanked the management team which he said had helped him to succeed in his daunting mission. Referring to the leadership of Prof. Peter Mbati, he said he has no doubt that he has left this campus in very capable hands. ■

## OMGEWINGSAKE NA AAN OUD-KOVSIE SE HART

**MEV. SHEILA VRAHIMIS,** oud-Kovsie en nou dosent aan die Vista-universiteit in Bloemfontein, is deur die Minister van Omgewingsake en Toerisme, mnr. Valli Moosa, vir drie jaar op die raad van direkteure van die Suid-Afrikaanse Nasionale Parkeraad (Sanparke) aangestel.

Sanparke is onder meer betrokke by die opstel van beleid en besluitneming ten opsigte van Suid-Afrika se nasionale natuurerfenis.

Mev. Vrahimis is ook betrokke by 'n verskeidenheid omgewingsaangeleenthede en was onder meer 'n afgevaardigde na die Wêreldberaad vir Volhoubare Ontwikkeling verlede jaar in Johannesburg.

Sy is ook betrokke by die onderhandelinge vir die samesmelting van Vista in Bloemfontein met die Universiteit van die Vrystaat. ■



# Graduation ceremony MILESTONE for Qwaqwa campus

By Tebogo Manchu

On Saturday 10 May 2003 the Rolihlahla Mandela Hall was filled to capacity as the Qwaqwa campus held its first graduation ceremony since its incorporation with the University of the Free State.

The Qwaqwa campus community will remember this occasion as the first graduation ceremony where the Chancellor, Dr Franklin Sonn, was in attendance. The Rector, Prof. Frederick Fourie, was also in attendance.

In his welcome address Prof. Peter Mbati, the Campus Head, acknowledged that this was indeed an historic moment for the campus and thanked Dr Sonn, and his entourage for the honour. A total number of 243 degrees, including one Ph.D., and 497 diplomas were conferred to graduands.

These qualifications were from the faculties of Humanities (Education), Natural and Agricultural

Sciences, Economic and Management Sciences, and Humanities.

In his congratulatory message, Dr Sonn mentioned the high levels of poverty in Qwaqwa and indicated the need for continued support to eradicate the scourge of poverty. He congratulated the graduands, but also lauded the efforts of guardians, parents, spouses and all those who supported the graduands during difficult times of their study.

The Student Representative Assembly President, Ms Mathabiso Letsaba, also congratulated the graduands on behalf of the student body. "This campus has a special history and culture that is appreciated by the surrounding community. Though it belongs to a materially poor community, it belongs to a community that is rich with resilience and courage," she said. ■

# Verloor gewig met bier!

**W**êreldwyd word die publiek bewus gemaak van die gevare van vetsug deur gesondheidsboodskappe. Om gewig te verloor moet 'n persoon meer energie gebruik as energie inneem. Hiervoor is 'n verandering in gedrag nodig en dit is gewoonlik waar die probleem lê.

Dit is ook dan die rede hoekom so baie gewone verslankingsprojekte nie altyd suksesvol is nie.

Dieetkunde-studente van die UV het hierdie jaar 'n opwindende verslankingsprojek aangepak. Vrywilligers het 'n verslankingsdieet, waarby bier ingesluit is, vir drie maande gevolg.

Die projek het gepoog om mense

bewus te maak van die feit dat bier nie regtig verantwoordelik is vir die sogenaamde bierboep nie en dat dit eerder 'n kombinasie van swak eetgewoontes en 'n onaktiewe leefstyl is wat hiertoe aanleiding gee.

Die Fakulteit Gesondheidswetenskappe sê in 'n verklaring as bier vergelyk word met ander voedselsoorte, kan gesien word dat 1 blikkie ligte bier minder energie bevat as  $\frac{1}{2}$  koppie melkskommel, 1 glas koejawelsap,  $\frac{1}{2}$  blikkie Coca-Cola of 2 blokkies melksjokolade en nie naastenby soveel as in 'n brood, soos baie mense steeds glo nie.

Met die projek is mense nie net bewus gemaak van die voordele van

verstandige alkoholgebruik nie, maar ook die voordele van oefening, hoe om voedseletikette te lees, hoe om vinnige maaltye met 'n lae vetinhoud te berei en ook oor die gesondheidsgevare van oorgewig, veral vet om die middellyf. 'n Middelomtrek van meer as 102 cm by mans en meer as 88 cm by vroue verhoog die risiko vir kanker, hartvatsiektes en diabetes mellitus aansienlik.

Hierdie projek het gewys dat 'n suksesvolle verslankingsdieet bier kan insluit. Die insluiting van bier hou verslankers gemotiveerd en maak die dieet meer aanvaarbaar, soos die deelnemers wat aan die studie deelgeneem het, kan getuig. ■

# Navorsing val uit die lug

'n Meteoriet wat verlede jaar in Lesotho geväl het, het die Universiteite van die Vrystaat en Witwatersrand in 'n sterk resies gewikkel gehad om die eerste te wees om navorsingsresultate daaroor in die *South African Journal of Science* gepubliseer te kry.

Die UV het dié wedloop gewen en die meteorietstudie open 'n hele nuwe veld vir die Geologiedepartement hier. Die departement spon nou met die grootste meteoriet-versameling in die land.

Me. Annegret Lombard, M.-student in Geologie, wat haar honneurs op vier meteoriete, waaronder drie van Malawi gedoen het, sê die Thuathe-meteoriet wat op 21 Julie 2002 in Lesotho geväl

het, was waargeneem as 'n meteoriet-donderstorm wat glo met vuurballe, geraas en skokgolwe gepaard gegaan het.

Sy sê die Thuathe-meteoriet was die enigste wat sover in Lesotho gevind is en is deur baie mense in dié land, asook buite Lesotho waargeneem.


Die UV werk saam met die Universiteit van Roma in Lesotho om die nagenoeg 500 meteorietstukke te meet en te katalogiseer.

Fakulteitsfondse is intussen goedgekeur vir die verdere bestudering van meteoriete. 'n Groep het in Julie na Namibië vertrek om nog drie meteoriete, wat nog nie voorheen opgeteken is nie, te beskryf. ■



BESTUDEER METEORIETE Annegret Lombard.

# Botha wins coveted nursing award



NEWSMAKER Karen Botha on the cover of Nursing Update.

Karen Botha of Oudtshoorn and alumnus of the UFS has received the Marilyn Lahana Caring Award from Denosa, the Democratic Nursing Organisation of South Africa.


The coveted award is granted annually to the most caring and competent nursing practitioner in South Africa. The award is in honour of Marilyn Lahana, the first nurse to die after contracting the Ebola virus while serving the needs of those who needed her most.

Botha got her training at the University of the Free State. "It was excellent and (I) still appreciate the high professional and ethical values taught there... I have always wanted to be a nurse. I got my training under easier circumstances, and therefore Marilyn Lahana should be an inspiration to all of us, as a role model, to remain true and loyal to our profession," she said in *Nursing Update*, a publication of Denosa.

"I am thankful and honoured to have won the award and I am striving to make Marilyn's philosophy – to care and sacrifice for the needy – my own. South African nurses work under stressful conditions and the Marilyn Lahana Award motivates our nurses to remain faithful and loyal to the professional caring ethic," she said in a press statement. ■

# Plaque unveiled at Student Centre

Shop owners moved into the new Student Centre on the Kovsie campus since the beginning of June. The centre will become the hive of student activity on campus. It will be a place where students can break away from their books for a well deserved get-together with their friends. Students had the opportunity to win R5 000 in a naming competition for the new Student Centre on the UFS campus. A plaque was unveiled in June on the spot where the first sod for the new centre was turned last year. ■



Above: *SET IN STONE* the new plaque outside the student centre.

*Top right: GETTING THEIR HANDS DIRTY* At the ceremony were Prof. Frederick Fourie (left),

Rector, and Mr Gys van der Westhuizen of Stocks Free State.

*Bottom right: MOMENTOUS Leaders of the Student Representative Council, Quentin du Plessis (Vice President) and Anchen Laubscher (President), at the unveiling of the plaque where the first sod for the new building was turned last year.*



By Ilse Olivier

# Sasol

## supports centenary publication

**W**hat does the main library, the Stegmann Art Gallery, a computer lab and a teacher-development programme on the campus of the University of the Free State (UFS) have in common? They all exist thanks to the financial support of one of the University's most trusted partners in the corporate sector, Sasol Limited.

Sasol has been a faithful donor of the University since 1962 and over the years, R9 million was given by Sasol for various projects at the University.

It is therefore no surprise that Sasol Limited has once again come up trumps in providing financial support for one of the biggest projects of the UFS centenary celebrations in 2004. Sasol Limited has donated R500 000 to the centenary publication, detailing the history of the university over the past 100 years.

"Sasol, having been founded in the Free State more than 50 years ago, has had a very close relationship with the University. It is thus an honour and a privilege to be involved in the centenary celebrations. It gives me great pleasure to congratulate the University of the Free State on achieving this significant milestone in its history," says Mr Pieter Cox, Managing Director of Sasol Limited.

The centenary publication, compiled by Profs Leo Barnard and Pieter Coetzer from the Department of History at the UFS, will be a kaleidoscope of short stories, photographs and memories from the people who were shaped by this great institution.

"It is no easy task to compile the history of the UFS in just 90 000 words – it is indeed extremely difficult. Hopefully, we will be able to compile an interesting narrative of all the main events; of student life and some of the humour and trivia that typified Kovsland over the years. The more than 400 photographs and illustrations that form part of this glossy publication will probably bring back fond memories as it tells the story of the University of the Free State," says Prof. Coetzer.

Work on the publication commenced in 1999 with extensive research in Unisa's archive. The research done here provided a comprehensive picture of the University up to 1949. However, it is during the interviews with former students and staff members that the history of the UFS really comes to life.

This glossy publication will no doubt become a collector's item for all those who have fond memories of the University of the Free State. And with each copy sold, Sasol Limited will enter another home, another corporate office and another boardroom as old Kovsie students and staff members across the world purchase a little piece of history. ■



*SUPPORT* Mr Pieter Cox.



## Ilse is aan die stuur

Me. Ilse Olivier, Ontwikkelingsbestuurder by Korporatiewe Skakeling, 'n afdeling van UV Bemarking. Sy is verantwoordelik vir die Vrystaat en Noord. Sy was voorheen mediaskakelbeampte by Strategiese Kommunikasie.

# Children are a top priority

Forty top businesswomen in Johannesburg recently had the opportunity to hear more about the Academic Children's Trust Project from Prof. André Venter, Chief Specialist at the Department Paediatrics and Child Health at the UFS Medical Faculty.



**Above:** CORPORATE CARE Ms Cathy Castagno, Development Director of the UFS's Corporate Liaison Office in Johannesburg with Prof. André Venter.

**Left:** HELPING THE CHILDREN Also present were, from the left, Ms Magdelene Molato, Client Service Supervisor of Clientele Life, and Ms Dashni Pillay, Standard Bank Foundation's Project Manager.

Another great  
donation



The South African Reserve Bank made a donation of R100 000 to the University of the Free State. At the function was from left Prof. Gerrit van Wyk, Acting Vice Rector, Mr Manie Kruger, Security Training Officer of the Reserve Bank, Mr Izak Oberholster, Branch Manager in Bloemfontein, and Ms Ilse Olivier, Development Manager at UFS Marketing. The Reserve Bank also donated R100 000 to the UFS in 2002. ■

# Transnet invests in the future

By Ilse Olivier

**The main goal of this in-service programme is empowering and helping educators to acquire the necessary skills and knowledge regarding the latest developments in teaching and learning.**

**A**t Transnet Foundation, the corporate social investment arm of Transnet, we have committed ourselves to forging strategic partnerships with key stakeholders in our efforts to reverse and undo the colossal damage caused by the previous political system. Our relationship with the University of the Free State (UFS), through which we want to change mathematics and science education in the Free State, one of the poorest provinces in the country, is one such partnership."

This was the powerful message from Ms Vivian Moila, Manager: Education Portfolio Transnet Foundation, at the handover function of a cheque for R361 000 to the University of the Free State's Science for the Future project.

The Science for the Future project, enthusiasti-

cally driven by Prof. Jack van der Linde and Mrs Lorraine Botha from the Research Institute for Education Planning at the UFS, aims at educating and supporting Maths and Science educators in upgrading their skills and qualifications.

The main goal of this in-service programme is empowering and helping educators to acquire the necessary skills and knowledge regarding the latest developments in teaching and learning. Subjects such as Mathematics, Biology, Physical Science, Natural Sciences, Computer Literacy and Technology are addressed in this project.

The donation from the Transnet Foundation will go a long way in improving proficiency in Mathematics and Science in an area where the illiteracy rate among the local population is unacceptably high.

"Incalculating the love of Mathematics and Science in our educators is perhaps the best way to start creating a culture where these critical subjects will be appreciated by the children. In the end, they hold the potential for their and the country's future," Ms Moila said. ■



**THINKING OF THE FUTURE** The Transnet Foundation recently made another donation to the UFS at a dinner in Johannesburg. Receiving the cheque here from Ms Vivian Moila, Manager: Education Portfolio Transnet Foundation, is Prof. Niel Viljoen, Chief Director: Operations of the UFS.

# Rus in Vrede



VAARWEL Prof. Ben de Koker

**B**ekende dosent en talentvolle teaterman Prof. Ben de Koker is Maandag 2 Junie tuis in Bloemfontein oorlede nadat hy die voorafgaande ses maande ernstig siek was. Kanker is twee jaar gelede by hom gediagnoseer.

Vanaf April 1969 tot aan die einde van 1990 was hy Departementshoof van Drama en Toneelkunde aan die UV. In die tydperk het vele bekende oudstudente in die ou Scaenateater onder sy bekwame hande opleiding ontvang.

In 1983 is sy veertien-jarelange stryd gewen om 'n ten volle professionele teatergebou vir die Dramadepartement te verkry met die inhuldiging van die moderne Wynand Moutonteatert.

Hy was ook bestuurslid en voorsitter van die Bloemfonteinse Kunswedstrydvereniging. Hy het gereeld as beoordelaar by eisteddfods en kunswedstryde landwyd opgetree. Ná sy aftrede in 1990 het hy en sy vrou, Corrie, in Bloemfontein bly woon.

Prof. De Koker word oorleef deur sy vrou, sy twee getroude seuns, Eon en Louis, hul gades en drie kleinkinders. Sy kollegas sal hom onthou vir sy vaste beginsels, talente, entoesiasme, teaterdissipline en veral sy onblusbare liefde vir die teater – 'n passie wat hy by soveel studente gekweek het.

**Dr. Frans Bezuidenhout (63)**, Fisikadosent aan die UV se Qwaqua-kampus is agter die stuurwiel van sy motor aan 'n hartaanval dood. Hy was jare lank 'n dosent in Fisika aan die UV.

Dr. Bezuidenhout word oorleef deur 'n seun, Izak, wat by Brandfort boer, en drie dogters: mevv. Nini Potgieter van Bloemfontien, Ellen Bolten van Kleinmond, en Maria Nell van Namibië, asook twee kleinkinders.

**Dr. Willie (Wimpie) Erasmus**, mediese dokter van Vanderbijlpark, is einde April vanjaar aan sy hart dood. Hy was in 1973 'n eerstejaarstudent in Reitz-kamerwonings en het in atletiek uitgeblink.

**Mnr. Louis Cronjé van der Walt (Sout) (67)** het in Mei vanjaar heengegaan nadat hy etlike jare gesondheidprobleme gehad het. Hy was in 1955 'n eerstejaarstudent in Vishuis en daarna 'n inwoner in Reitz-kamerwonings tot

1958. Hy het B.A., B.A. Hon. en B.Iur. aan die UV gestudeer. Hy was ook joollerier in die tyd toe die UV nog in Bloemfontein én in Welkom gejool het. Hy word oorleef deur sy vrou, Noelien, sy seun, Tienie, 'n mediese dokter in Heidelberg (Gauteng), en sy dogter Irene-Ann van Pretoria, asook vier kleinkinders.

**Prof. Korie Koornhof (74)**, oudmusiekdosent aan die UV en bekende in Suid-Afrikaanse musiekkringe, is ná 'n lang siekte in 'n hospitaal in Potchefstroom dood. Hy was voor sy aftrede musiekdosent by die Potchefstroomse Universiteit. Hy word oorleef deur sy vrou, René, enigste seun, mnr. Piet Koornhof, bekende violis van Potchefstroom, en 'n kleinseun, Gerhard.

**Dr. Mattheus Casparus (Matt) du Toit (67)** is op 12 April 2003 oorlede. Hy het in 1957 met sy B.Sc.-graad aan die UV begin en in 1966 sy M.Sc. in Geologie

gekry. Dit is in 1979 opgevolg met 'n Ph.D. in Geologie aan RAU. Na die voltooiing van sy eerste graad het hy in Zambië en Zimbabwe gewerk en na die UV teruggekeer vir verdere studie en om sy vrou, Wilna Kühn, 'n suster by die Nasionale Hospitaal in Bloemfontein, te ontmoet.

**Mnr. B. J. (Ben) van Rensburg, (75)** prokureur op Witrivier, is einde Junie vanjaar in 'n motorongeluk naby Witrivier oorlede. Hy het die grade B.Com. en LL.B. aan die destydse UKOVS (Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat) behaal. Hy het in daardie tyd vir die universiteit se onder 21-span op die veld gedraf. Hy het sy leerlerkskap in Bloemfontein voltooi en is op 21 Maart 1957 toegelaat as prokureur en notaris, waarna hy begin praktiseer het op sy geboortedorp, Lindley in die Noordoos-Vrystaat. Hy laat sy gade, seun, dogter en drie kleinkinders na. ■

# Londen se Kovsies hou van



**Bo:** HIERDIE KANT TOE Gerhard van Rhyn, Hoof: Program en Alumnibemarking by UV Bemarking, beduie op die fees in Londen.



**Links:** BORGSKAP Die Castle Lager Kovsie-Alumni Londens-reünie is moontlik gemaak deur 'n ruim borgskap van die Suid-Afrikaanse Brouerye (SAB). Hier is van links mnr. Willem van Huyssteen (SAB se Streekshandel-bemarkingsbestuurder in die Vrystaat), mev. Jeannette Jansen (Kovsie-Alumni-bond) en mnr. De Wet Ras (Kovsie-Alumni Trust).

**Onder:** GROOT GLIMLAGTE Almal geniet die samekoms.



**V**anjaar se Castle Lager Kovsie-Alumni se Londens-reünie op 12 Julie tydens die Ukkasie-kunstefees by die Wembley-stadion was 'n reuse-sukses!

Dié reünie is moontlik gemaak deur 'n R30 000-borgskap van die Suid-Afrikaanse Brouerye (SAB).

Die reünie is in een van die onthaalsale in die stadion gehou en is deur 80 oud-Kovsies bygewoon. Die oud-Kovsie en Londense bankier Louis van Pletzen het die gaste verwelkom, en Prof. Teuns Verschoor, waarnemende Vise-rektor, was die gasspreker.

Benewens die baie gesels, vrolike bymekaarkom en weglê aan boereworsbroodjies so reg uit die hart van Suid-Afrika, is daar ook maniere bespreek hoe om alumni aktief betrokke te maak en te hou by hulle alma mater. Die oud-Kovsies is ook op hoogte gebring van al die jongste dinamiese veranderinge aan die UV.

Kovsies het ook vanjaar 'n stalletjie by UKkasie gehad, wat deur UV-Bemarking se Gerhard van Rhyn en sy vrou, Elna, beman is.

Meer as 85 oud-Kovsies wat nie op die UV se oud-studentelys was nie, het hulle nuwe besonderhede by die stalletjie kom verskaf.

Saterdagmiddag voor die reünie het alle oud-Kovsies ook die rugbywedstryd tussen die Springbokke en die Wallabies op 'n groot skerm in 'n enorme skousaal gekyk, saam met nagenoeg 4 000 tot 5 000 ander Suid-Afrikaners.

Die atmosfeer was aangrypend. Volgens die organiseerder het meer as 8 000 Suid-Afrikaners UKkasie vanjaar besoek.

Die oud-Kovsies by UKkasie was dit eens dat dié reünie, wat vanjaar vir die tweede maal gehou is, 'n instelling moet word.

So al julle Kovies in Europa – slyp solank julle tande vir volgende jaar se reünie! ■

# kuier



*Bo: DIE SPAN Londen Alumni se nuwe bestuur saam met Gerhard van Rhyn en Prof. Teuns Verschoor, waarnemende Vise-rektor. Van links is Kobus Horn, Anli Bosman, Koos van Staden, Van Rhyn, Mia Aucamp, Verschoor en Louis van Pletzen.*

*Links: DIE MANNE Prof. Teuns Verschoor (derde van links agter), voormalige koshuis hoof van Verwoerd-Manskoshuis en nou waanemende Vise-rektor, saam met elf oud-Verwoerdmanne op die reünie in Londen.*



**Benewens die baie gesels, vrolike bymekaarkom en weglib aan boereworsbroodjies so reg uit die hart van Suid-Afrika, is daar ook maniere bespreek hoe om alumni aktief betrokke te maak en te hou by hulle alma mater. Die oud-Kovsies is ook op hoogte gebring van al die jongste dinamiese veranderinge aan die UV.**

# Sapcor-gholfdag was wendag vir almal

Deur Willem Theron



Bo: ONTPANNING Johan Lamprecht, Duan Opperman, De Wet Ras, Paal Pretorius, Nelis Maeder praat kopstukke.

Links: REG VIR AKSIE Van die manne wat die Sapcor-gholfdag bygewoon het, is van links, agter: Bee Steyn, Hannes Dericksen, De Wet Ras, Paal Pretorius, André Cloete, Kenneth Dube, Chris Grobbelaar, Eduard Ahlers. Voor is Dolph Lombard, Frederick Lombard, Danie Coetze, Jannie de Beer, Norman Mashaba, en Danie Gerber.

**D**ie Kovsies in die noorde van die land is erg oor hulle gholf (of dalk is enige verskoning om op 'n Vrydag weg te bly van die werk goed genoeg!)

**Die tweede Sapcor Kovsie-Alumni-gholfdag wat op Vrydag 23 Mei 2003 by Silver Lakes in Pretoria plaasgevind het, was weer 'n groot sukses.**

Die gholfdag, wat ten bate van liefdadigheid en vir beurse vir behoeftige Kovsiestudente aangebied word, het 120 spelers getrek en is die aand afgesluit met 'n Ladoma-kuier, waarby die skoner geslag en die nie-spelers aangesluit het. Die musiekfabriek was in die hande van Willem Branders (wie dan anders?).

Verskeie oud-Kovsie en Vrystaat sportmanne het weer

saam gespeel, waaronder Friedrich Lombard, Jannie de Beer en Danie Gerber, terwyl die huidige Springbokhaker Tokkelos Coetze ook later aangesluit het.

Dolph Lombard, Besturende Direkteur van Sapcor Broking Solutions, was baie tevrede met die dag en het aangedui dat sy firma weer volgende jaar betrokke sal wees by die borg en reël van die dag, wat 'n hoogtepunt op die Kovsiekalender geword het.

'n Mooi bedrag is ingesamel vir klein Tiaan Huyzers wat op ses-jarige leeftyd reeds sy been verloor en 18 operasies ondergaan het, asook vir die behoeftigheidsbeurse.

Enigiemand wat graag tot die hulpfonds vir Tiaan wil bydra, kan Dolph per e-pos kontak by: dolph@mweb.co.za ■

# Bond versterk bande met alumni

Deur Jeannette Jansen

**D**ie Universiteit van die Vrystaat heg groot waarde aan sy alumni. Die Kovsky-Alumni Bond poog om die bande tussen oudstudente en hulle alma mater te behou en te versterk.

Dit is ook die doel van die bond om oor die tradisies en belang van ons alma mater te waak en die goeie beeld van die universiteit op alle terreine te bevorder.

Indien jy een jaar se studies as student aan die Universiteit van die Vrystaat suksesvol voltooi het, is jy outomatis 'n volwaardige lid van ons oud-studente-vereniging – die Kovsky-Alumni Bond.

Die Bond het tans takke regoor die land waar oud-Kovskyes by aktiwiteite inskakel en so steeds in kontak met hulle alma mater bly.

## Streektakke

Daar is in dié stadium 23 Alumni-streektakke en die Bond is besig om nog takke te vestig.

Dié takke hou tussen een keer per maand 'n vergadering en een keer per jaar 'n reünie waar oud-Kovskyes gesellig saamkuier, hoor hoe die UV verander en wat in die toekoms van die universiteit verwag kan word.

Studentestories word weer uitgeruil en die lagspiere kry in die proses lekker oefening. As jy graag meer wil weet omtrent die tak naaste aan jou, kontak Jeannette Jansen gerus by (051) 401-3744 of by [alumni@mail.uovs.ac.za](mailto:alumni@mail.uovs.ac.za)

## Elektroniese nuusbrief

Die Kovsky-Alumni Bond gaan binnekort begin om gereelde elektroniese nuusbrieve aan alle oud-Kovskyes te stuur. Dit is daarom baie belangrik dat jy jou elektroniese besonderhede aan ons moet gee. Stuur dit gerus na [alumni@mail.uovs.ac.za](mailto:alumni@mail.uovs.ac.za)

## Kovskyes Kredietkraat

As jy nog nie die Absa Kovskyes MasterCard-kredietkaart het nie, is dit nou die tyd om een te kry. Hierdie prestige kredietkaart is uitsluitlik beskikbaar aan Kovskyes-gegradeerde en bied 'n wye verskeidenheid uitstekende voordele. Plus, elke keer wanneer jy jou kaart gebruik, lewer jy ook 'n bydrae tot jou alma mater – sonder dat dit jou 'n sent kos!

Met internasionale aanvaarding, 'n bekostigbare kredietlimiet en tot 55 dae rentevrye krediet is die Absa Kovskyes MasterCard 'n onderskeidende keuse. Doen op die internet vir die kaart aansoek by [www.absa.co.za](http://www.absa.co.za) of kontak Jeannette Jansen by 082-563-1055.

## Belangegroepe

Die Kovsky-Alumni Bond het behalwe vir sy streektakke, ook verskeie ander belangegroepe soos sportklubs en beroepsgebonde groeperinge. As jy dus byvoorbeeld 'n oud-arbeidsterapiestudent is wat gereeld artikels oor arbeidsterapie wil ontvang kan jy deel word van ons Arbeidsterapie-alumni.

## Skryf nou in vir Gholfdag

Die Bloemfontein Kovsky-Alumni-gholfdag vind vanjaar op Vrydag 7 November by Schoemanpark Gholfklub buite Bloemfontein plaas. Daar is vanjaar hope pryse op die spel, so maak seker dat jy nie die gholfdag van die jaar misloop nie.

Indien jy graag vanjaar wil speel of 'n putjie wil borg, kontak Nelis Maeder (082-802-3060), De Wet Ras (082-333-8604) of Jeannette Jansen (082-563-1055). Jy kan ook 'n e-pos aan ons stuur by [alumni@mail.uovs.ac.za](mailto:alumni@mail.uovs.ac.za)

## Almal was 'getrollie' by Pietersburg- reünie

Oud-Kovsies op Pietersburg praat nou nog oor die ongewone en onvergeetlike reünie wat op 10 Mei gehou is. Die Pietersburg Alumni-takvoorsitter, Louise Steyler, vertel:

"Daar is met Spoornet gereël dat ons op inspeksie-trollies deur die nou pas van die Waterpoort ry. Die Waterpoort is die enigste plek waar mens deur die Soutpansberg kan gaan omdat die Sandrivier daar vir hom deur eue heen 'n smal weg, net breed genoeg vir 'n treinstoor, gebaan het. Op die roete wat al langs die Sandrivier gebou is, is asemrowende natuurkoon en 'n prehistoriese San-skuiling met tekeninge.

"So het 25 van ons die oggend van 10 Mei per bus uit Pietersburg vertrek en bestyg ons die trollies ongeveer 09:00. Die trollies is niks anders as 'n kaal platvorm met treinwieleties, en 'n handrem. Ons het ons sit gemaak op ons kussings, party het die sambrele oopgemaak en party die biere, en daar trek ons, gestoot deur Kovsiemannekrag. Die grootste gedeelte van die tog is afdraend en dan loop die trollies met eie momentum.

"Die prag van die berge het ons by tye tjoepstil gehad, maar die grootste deel van die avontuur het gillend en jillend en laggend verloop.

Na ons tog deur die berg het ons by Vivo Sportsbar gaan vleis braai en rugby kyk. Iemand wat nog nie 'n Vivo-biefstuk geëet het nie, weet nie van vleis nie: 'See Vivo and die'. Daarna is ons gelukkig en tevrede terug na Pietersburg." ■

**Skud reg vir 'n groot**

## Kovsie alumni-naweek

**Vanjaar word 'n unieke en opwindende nasionale alumni-naweek gehou waar alle alumni baie welkom is.**

**Ons nasionale Kovsie alumni-naweek word vanjaar op 24 en 25 Oktober in Bloemfontein gehou. Die Kovsie Alumnibond se dagbestuur- en hoofbestuursvergadering vind op 24 Oktober plaas en die aand word 'n groot dinee vir alle alumni gehou.**

**Die bekende Idol David Fourie gaan by die geleentheid die gaskunstenaar wees.**

**Die Alumni-kongres gaan Saterdagoggend 25 Oktober op 'n informele wyse plaasvind waartydens alumni op 'n opwindende kampustoer geneem sal word wat in die nuwe Studentesentrum sal eindig. Ter afsluiting gaan alle alumni saam kyk na die Curriebeker-rugby-wedstryd tussen die Vodacom Cheetahs en die Sharks op Vodacompark.**

**Hou beslis dié datums oop.**

**Kontak Jeannette Jansen by (051) 401-3744,  
082-563-1055 of [jansenj.stg@mail.uovs.ac.za](mailto:jansenj.stg@mail.uovs.ac.za)**

# Reünies was spoggerige geleenthede

Kovsie-reünies was in die ou dae baie belangrike geleenthede, soos blyk uit 'n *Bult* van 1960. Skakel Kriek skryf onder die aanwesiges op 'n reünie in Kaapstad was die Goewerneur-Generaal, adv. C.R. Swart ('n oud-student), Dr. Nic Diederichs, adjunk-minister, P.W. Botha, oud-minister, Stephen le Roux (al drie oud-studente), minister J.J. Serfontein, minister J.J. Fouché, minister D.C. Uys, minister P.K. le Roux en adjunk-minister John Vorster.

Die reünie-dinee was ter viering van die tiende verjaarsdag van die selfstandigwording van die Universiteit van die Vrystaat. Die bedoeling was om aan almal wat gehelp het om die Landbou-fakulteit vir die Vrystaat en sy omgewing te verkry, dankie te sê en terselfdertyd welwillendheid vir ons universiteit te verwerf, het Skakel in sy berig gesê.

## ONS HET 'N VER PAD GEKOM



Dié kosbare *Bult* uit 1960 het mnr. Nico Esterhuyse van Universitas, Bloemfontein, aan ons geleent.

Hy het in 1961 by die UV begin en in Maart 1995 afgetree. Hy was onder meer sekretaris van verskeie komitees by die Fakulteit Geneeskunde asook van die publikasiekomitee. Hy het ook gedenkpublikasies wat met die UV en die koerant *Volksblad* in Bloemfontein se 75ste verjaarsdae gepubliseer is tot ons beskikking gestel, maar meer hieroor later. ■

## HET ONS JOU BESONDERHEDE?

Oud-Kovsies kan maklik hul besonderhede op die universiteit se webblad aanbring of wysig.

Die adres is [www.uovs.ac.za/prb/alumni/adres/alumnivorm.asp](http://www.uovs.ac.za/prb/alumni/adres/alumnivorm.asp)

Oud-studente kan andersins ook vir Dawid Kriel, Administratiewe bestuurder by UV-Bemarking, Universiteit van die Vrystaat, Posbus 2319, Bloemfontein 9300, faks (051) 430-8370, of by [dawid.stg@mail.uovs.ac.za](mailto:dawid.stg@mail.uovs.ac.za) kontak.

# Alumni-voordele

**Dié nuwe voordele is beding**

**Gastehuis/Lodge teen spesiale afslag aan donateurs:**

- Horseshoe Motel  
(Mnr. Lary Schoeman),  
tel. (053) 832-5267  
Sel 083-276-7015 en
- Sundowner Lodge  
tel. (053) 831-1145.

**Diamantdonateurs: Het toegang tot die biblioteek**

**Versekering:**

Sapcor:

- Geen bybetaling op die nie-motorafdeling van die polis;
  - Geen bybetaling op voertuig-skade onder R10 000;
  - Geen diefstalbydrae op voertuie met geïnstalleerde opsporingseenhede; en
  - Verminderde premies.
- Mnr. Adolph Lombard van Sapcor se telefoonnummer is (012) 998-8295, faks (012) 998-8291, e-pos adres: dolph@mweb.co.za

**Bande teen afslagpryse:**

- **Trentyre**  
(Mnr. Stephen van Vuuren) by (051) 432-7813.
- **Tiger Wheels & Tyre**  
(Mnr. André van der Merwe) by (051) 447-0792.

**S P E S I A L E   A L U M N I - I N T E K E N A A N B O D**



**Teken in op INSIG per debietorder en ontvang:  
30% afslag**

AS INTEKENAAR GENIET JY SPESIALE VOORDELE:

- beskerming teen prysverhogings vir 'n jaar
- die plesier om elke maand 'n kraakvars uitgawe op jou drumpel te ontvang – en dit sonder om daarvoor te gaan soek!
- kwalifiseer outomaties vir alle kompetisies



**Om in te teken, skakel: 0860 22 22 28, e-pos: [subs@media24.com](mailto:subs@media24.com) of besoek [www.insig.com](http://www.insig.com)**



KOVSIE-ALUMNI  
TRUST

# Trust word sterker

## GOUÉ DONATEURS

599 Mrn. Walter Leonhardt,  
Finansiële Bestuurder, Isando  
600 Mrn. J.M. Klopper,  
Produksiebestuurder,  
Olifantsfontein  
601 Mrn. Pierre vd Watt,  
Graanhandelaar, Delmas  
602 Mrn. Roelof le Roux,  
Bemarker, Delmas  
603 Mrn. Jorrie Jordaan, Sakeman,  
Blackheath  
604 Mrn. Jannie Booyse,  
Finansiële Adviseur, Die Wilgers

605 Dr. Tinus Neethling,  
Skoolhoof, Glencoe  
606 Mrn. Louis Strydom,  
Agronom, Delmas  
607 Mrn. Karel Jankowitz,  
Bourekenaar, Edenglen  
608 Mrn. Willem Louw,  
Takbestuurder, Potchefstroom  
609 Me. Hannatjie Visagie  
(Friedrich), Bestuurder:  
Kliënteskakeling, Potchefstroom  
610 Mrn. Pikkels Terblanche,  
Bemarker, Potchefstroom

611 Mrn. Kirsten Boshoff, Argitek,  
Potchefstroom  
612 Mrn. Hannes Spangenberg,  
Ekonom, Eldoraigne  
613 Mrn. Wyka Spies,  
Bourekenaar, Midrand  
614 Mrn. George Coetzee,  
Bourekenaar, Garsfontein  
615 Mrn. Pieter de Klerck,  
Sakeman, Pretoria  
616 Mrn. Riaan Lombard,  
Bestuurder, Centurion

617 Mrn. Roelf J. van Vuuren,  
Staatsamptenaar, Lyttelton  
618 Mrn. Carl Knauff,  
Rekenmeester, Moreleta Plaza  
619 Mrn. Johan Rainsford,  
Sportorganiseerder, Florida Glen  
620 Mrn. Dries van Niekerk,  
Ekonom / Boer, Wierdapark  
621 Mrn. Johan vd Walt, Hoof-  
Finansiële Beämpte, Northcliff  
622 Dr. Jannie van der Merwe,  
Mediese dokter, Paarl

## ERE-STIGTERDONATEURS

Stigtersdonateurs wat met hulle ondersteuning die Kovsie-Alumni Trust tot groot hoogtes help dra het, het spontaan hulle verdere ondersteuning aan die Trust gegee nadat hulle finansiële verpligte afgehandel is. Hier volg 'n lys van bestaande Stigtersdonateurs wat weer 'n verbindenis van R5 000 tot die Trust gemaak het se name om dan te kwalifieer

as Ere-Stigtersdonateurs. Die voorstander van die Kovsie-Alumni Trust, Prof. Nico du Plessis, nooi alle reeds bestaande Stigtersdonateurs uit om ook op dié wyse die Trust verder te ondersteun om ñ ere-Stigtersdonateur of 'n goue donateur te word:  
Geen

## PRESTIGE DONATEURS

597 Mrn. Pieter Viljoen,  
Skoolhoof, Bloemfontein  
598 Mrn. Van Zyl Schoeman,  
Vleisbemarker, Kimberley  
599 Mrn. Carel Janse van Vuren,  
Verkoopsbestuurder, Delmas  
600 Mrn. Carel Wolhuter,  
Hoofbestuurder, Wingatepark  
601 Mrn. Danie Schoeman,  
Algemene Bestuurder, Delmas  
602 Mrn. Christoffel Botha,  
Verteenwoordiger, Pine Gowrie  
603 Dr. David Walsh, Mediese  
praktisyn, Bloemfontein

604 Mrn. Jan Thirion,  
Verkoopsbestuurder, Edenglen  
605 Mrn. Willie van Wyk,  
Rekenmeester, Allensnek  
606 Mrn. Johan Potgieter,  
Navorsingsbestuurder, Delmas  
607 Mrn. De Wet Roets,  
Kommersiële Bankier,  
Johannesburg  
608 Dr. Koos Bouwer, Onkoloog,  
Pretoria  
609 Mrn. Albert Botha,  
Hoofbestuurder, Delmas  
610 Mrn. Joppie Victor,  
Verteenwoordiger en Boer,  
Delmas

611 Mrn. Carl van Heerden,  
Konsultant, Delmas  
612 Mrn. Conrad Bezuidenhout,  
Sakeman, Delmas  
613 Prof. Paul Möller, Dosent,  
Departement Sosiologie,  
Potchefstroom  
614 Mrn. De Villiers Brink,  
Argitek en Eiendoms-  
ontwikkelaar, Bloemfontein  
615 Mrn. Piet Wille, Prokureur,  
Bloemfontein  
616 Mev. Daleen Lemmer,  
Makelaar, Bloemfontein

617 Mrn. Henco Gericke,  
Skoolhoof, Jacobsdal  
618 Prof. Hennie Strydom,  
Dosent, Aucklandpark  
619 Mrn. Frik Nel, Privaatbankier,  
Moreletta Plaza  
620 Mrn. Hennie Klerck,  
Pensiöneraris, Fairland  
621 Mrn. André Birkenstock,  
Sakeman, Lynnwoodrif  
622 Mrn. Kiewiet Louw, Boer,  
Leslie  
623 Mrn. Louis Lategan

## PLATINUMDONATEURS

57 Mrn. At van Schalkwyk, Landbou-ekonom, Delmas  
58 Mrn. Pieter Basson, Bestuurder, Faerie Glen  
59 Mrn. Pieter Combrink, Boer, Delmas  
60 Mrn. Eland Jacobsz, Regskonsultant, Eldoraigne

61 Mrn. Jasper Müller, Geohidroloog, Delmas  
62 Mrn. Ian Small-Smith, Prokureur, Fairland  
63 Mrn. Francois Hoffman, Boer, Delmas  
64 Mrn. Thys de Wet, Bourekenaar, Midrand

## DIAMANTDONATEURS

34. Mrn. Barry Kotzé, Prokureur, Sunnyside  
35. Dr. Johan Botha, Hoofbestuurder Tegnologie, Weltevredenpark  
36. Mrn. Barry Kotzé, Prokureur, Sunnyside

37. Mrn. Henning van Aswegen, Uitvoerende Direkteur, Bedfordview  
38. Adv. Frans Rainsford, Konsultant, Delmas

# 101 Dalmations, ag ek bedoel Delmasians

**K**om ek vertel gou die storie van Delmas se oud-Kovsies. Vir dié van julle wat nie weet nie, Delmas is 'n dorpie wat geleë is in Mpumalanga, maar skaars 70 kilometer van Pretoria is (amper nader as Jansberg) en hoe ek, wat altyd op soek en op jag is na nog vriende van die Vrystaat se beste universiteit (Qwaqwa is nou ingelyf), op Delmas afgekom het.

Theuns Stofberg se ouer broer Nico sê vir my een dag van Thoben Koorts wat in 1971 in Verwoerd was, wat in Delmas bly, maar soos 'n trekarbeider van die ou Transkei bedags as die son opkom in Suid-Afrika werk. So sien ek en Thoben mekaar oor 'n koffietjie in Johannesburg en na baie lag en gesels oor die ou dae stuur Thoben die aand vir my nog ses name van Kovsies wat Delmas hulle huisland gemaak het.

En so gaan sien ek die ses so in twee skofte in die Wimpy in Delmas.

Ja, want in Delmas sien jy 'n ou in die Wimpy óf in die Wimpy en jy kan kies of jy hom vir onbyt, middagete of aandete wil sien, maar dit bly die Wimpy. (Nie dat ek 'n probleem met 'n lekker cholesterolryke Wimpy-onbyt het nie.)

By die twee kuiers groei die getalle Kovsies toe so aan dat dit toe uitloop op die moeder van alle Kovsiekuiers in Mpumalanga. Carel en Marelie van Vuren begin die dinge roer, Kiewiet Louw, wat die slagpale en die slaghuis op Leandra (voorheen Leslie) besit, skenk die skaap, die Kovsie-Alumni Trust gee 'n geldjie en siedaar, op 24 Mei 2003 is daar 45 volwassenes (waarvan 36 oud-Kovsies) en soveel kinders dat dit gelyk het soos 'n Naval Hill-reünie daar by die skaapbraai by Danie Schoeman-hulle se lapa by Omnia!

En die mooiste van die storie?

Twee Kovsies, Jasper Muller en Danie, se kinders is hoofseun en hoofmeisie van Delmas Hoëskool... en albei is volgende jaar op Kovsies! O ja, en Delmas het al die Trust se geld net so mildelik teruggegee!

Ja, landswyd is die Kovsies besig om te ontwaak uit so 'n



dekade se slaap waar hulle gedink het ander mense is belangriker as die ou plaasmanne van Bloemfontein (tot hulle deur al die Turke en Filistyne gekyk het), maar dit is vinnig besig om reg te kom.

Pretoria en Johannesburg se Kovsies het op 19 Junie saam met Kovsies se nuwe Rektor, Prof. Frederick Fourie, by Die Werf in Pretoria gekuier by 'n Sop-Brood-en-Glühwein-aand (met 'n vioolspeler om die Rektor te imponeer!).

En op 2 Julie het ons in Durban (voorheen Aap du Toit se huisland) gaan kuier. Eers met 'n ontbyt die oggend waar "senior" Kovsies soos Jack Oosthuizen, Jack Piek, Georgie Oberholzer en Susan Winterbach ons trakteer het op staaltjies uit 'n jaar of wat gelede en toe die aandfunksie daar by die

Riverside Hotel met meer as 40 oud-Kovsies, waaronder manne soos Brand Pretorius (ons gasspreker), Johan Ploos van Amstel, Springboksentreter (met 'n hoofletter!), Jan Schlebusch, David Gray, Hoppie Strauss, Duvies, ensovoorts.

En op pad terug kuier ons toe ook in Pietermaritzburg en net daar word besluit dat die ou dorpie weer gestraf gaan word met 'n groter kuier. (Hopelik ook 'n Kwaai-Zoeloe-Natal-Middellandse skaap vir 'n offerande voor die jaar verby is... Hoe lyk dit Dirk Froneman?)

Uiteindelik hoop ons daar kom in elke dorp en stad en steeg 'n Ladoma-kuier (Laaste Donderdag van die Maand) sodat Kovsies in groot stede en klein dorpies nooit weer 'n maand hoef af te sluit sonder goeie geselskap nie!

*Blaau Willem Gouws.*



## KOVSIE-ALUMNI TRUST

Posbus 2319, Bloemfontein, 9300 Tel (051) 401-3758 Faks (051) 401-3758

### DIE UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT

(Vul asseblief in drukskrif in en merk met X waar van toepassing)

DONATEURSNOMMER:

OUDSTUDENTNOMMER (I.V.T.)

TITEL: ..... VAN: ..... TEL.: ..... (h) SEL: .....

VOORLETTERS: ..... NOEMNAAM: .....

ADRES: .....

..... POSKODE..... TEL.(w):.....

..... E-POS ADRES .....

ID NO..... OUDERDOM VAN KINDERS: .....

#### DEBIETORDER

Ek magtig hiermee ondergenoemde bank (of enige bank waarheen ek my rekening mag oorplaas) om my rekening te debiteer ten gunste van die KOVSIE-ALUMNI TRUST, en wel soos volg:

R ..... (..... rand)

Maandeliks  Kwartaalliks  Halfjaarlik  Jaarliks

met ingang van ..... 20.....

Naam van bank:..... Rekeningnommer:.....

Naam van tak:..... Takkode:.....

Stad/Dorp:..... Tjekrekening  Transmissierekening  Spaarrekening

GOUE DONATEUR : R3000  ERE-STIGTERSDONATEUR : R5000  PRESTIGE DONATEUR : R6000

PLATINUM DONATEUR : R12000  DIAMANT DONATEUR : R30000

**LET WEL:** 'n Blanko gekanselleerde tjek of gebruikte tjek moet asb. aangeheg word vir kontroledoeleindes indien van toepassing.

**OPMERKINGS:** \*Elke onttrekking sal op u bankstaat aangedui word. \*Die bankkoste word deur die Trustfonds gedra.

\*Bogenoemde magtiging kan deur u gekanselleer word deur dertig dae vooruit skriftelik en per geregistreerde pos kennis te gee.

\*U belastingvrystellingsertifikaat sal so spoedig moontlik na die afsluiting van die belastingjaar aan u gepos word.

BEROEP:.....WERKSADRES:.....

HANDTEKENING.....DATUM:.....